# *DIE KONINGIN VAN SKEBA*

Laat ons net ’n oomblik bly staan terwyl ons bid, laat ons ons hoofde buig.

2 Ons Genadige Hemelse Vader, ons dank U vir hierdie groot voorreg om weer U troon van genade te nader vanaand, in die algenoegsame Naam van Jesus, U Seun. Ons dank U omdat ons die volmaakte versekering het dat, as ons enigiets in Sy Naam vra, dit toegestaan sal word. So, daar is baie hier vanaand wat behoeftig is, hulle is siek in die liggaam, party van hulle is siek in die siel, ons bid, Vader, dat U alles sal voorsien waaraan hulle behoefte het, verlossing vir hulle siel bowenal, dan genesing vir die siekes, vreugde vir hulle wat bedroef is, hoop vir hulle wat sonder hoop is. Skenk dit, Here.

3 En wanneer die diens vanaand sal eindig, en ons gaan na ons verskillende huise, plekke van verblyf, mag ons sê soos hulle wat van Emmaüs af gekom het daardie dag, “Was ons harte nie brandende in ons, soos Hy met ons gepraat het langs die pad nie?” Want ons vra dit, in Jesus’ Naam. Amen.

4 Jy mag sit. So ’n voorreg om weer terug te wees hier, vanaand, in hierdie Long Beach Munisipale Ouditorium. Was ’n paar jaar vandat ek laas hier was, omtrent ’46 of ’47, iewers soos daardie. Ek glo ek het die diens van ’n groot dienaar van die Here opgevolg, Dr. Charles Fuller, altyd die *Outydse Herlewingsuur* gehad het, begin het, en hier ontstaan het, groot dienskneg van die Here. Ek hoor nou dat hy nie meer sy dienste hier hou nie. Ek wou altyd vir Broer Fuller ontmoet, ek het nooit daardie groot voorreg gehad nie.

5 Ek onthou om in Suid-Afrika in te kom omtrent sewe of agt jaar gelede, ’n gehoor van omtrent tweehonderd-en-vyftigduisend mense. Julle, party van julle Long Beach mense, julle sou nooit raai waarmee hulle my begroet het toe ek op die platvorm gekom het nie, gesing in omtrent vyftien verskillende tale, wat alles saamsmelt: *Hemelse Sonskyn*. Hulle het *Hemelse Sonskyn* gesing, wat ek glo Dr. Fuller se temalied hier was.

6 En ek het altyd gedink as ek hom sou ontmoet, sou ek hom graag wou vertel dat, dat sy boodskappe ingekom het in die, ver onder in Suid-Afrika. En daardie kosbare mense wat hom liefgehad het, en geweet het ek as ’n Amerikaner, *Hemelse Sonskyn* gesing, of *Sonlig*, hoe dit ook al gaan. En hulle het dit in vyftien verskillende tale saam gesing. O, julle nooit . . . Maar alles wat net volmaak saamgesmelt het. Die Heilige Gees, wanneer mense bymekaar kom en die liefde van God begin beweeg op hulle, is daar geen wrywing nie, dis net alles een yslike groot Liggaam, wat saambeweeg.

7 Dr. F. F. Bosworth, wat een van die bestuurders is, hy het net gestaan, hy het simfonieë gelei, hy het die Dowie, vyf-en-sewentig stuk orkes na Madison Square Garden toe geneem in die dae van Dr. Alexander Dowie, en hy het gesê hy het die koor afgerig, en jy sou iemand 'n paar oktawe kry, of wat jy dit ook al noem, hoog, en sommige te laag, maar gesê in daardie rou heidene, kombers inboorlinge, nie geweet het wat regter- en linkerhand was nie, en hulle in stryd met mekaar, moes hulle verdeel in stamme, tog was hulle glad nie een oktaaf uit nie, almal wat net saamsmelt, *Hemelse Sonskyn*.

8 As enigiemand Broer Fuller ken, vertel hom dit vir my. Ek reken nie ek sal. . . mag hom ooit sien nie, hy's 'n besige man, en ek hou nie daarvan om die tyd te neem nie, maar dit sal hom beslis opgewonde maak.

9 Die Evangelie, en tog is dit in sy eenvoud die grootste aantrekkingskrag wat die wêreld ooit geken het. Jesus het gesê, toe Hy hier op aarde was: "As Ek verhoog word, sal Ek alle mense na My toe trek." Swart, wit, geel, bruin, wat ook al hulle kleur of ras is, die Evangelie hou steeds die middelpunt van aantrekkingskrag vir elke man en elke vrou.

10 En ek glo wel dat ons kerke net 'n bietjie meer gevorderd moet wees in die Evangelie as wat ons is. Ek dink dat ons dra by daartoe, ek doen, en as ek verkeerd is, bid ek die Here vergewe my, ek dink ons probeer te veel terugkyk om te sien wat iemand anders gedoen, of gesê het: in plaas van om uit te sien na Christus, Hy's ons Leier.

11 'n Paar honderd jaar gelede, ek mag verkeerd wees in hierdie aanhaling, maar ek sou sê driehonderd jaar gelede, ek dink dit was 'n wetenskaplike in Frankryk wat probeer het om 'n bal te neem en dit om die aarde te laat draai, of *so-iets*, mag 'n honderd-en-vyftig jaar gelede gewees het, hy het dit om die aarde gedraai en, met 'n spoed, en gesê as enige voertuig op aarde ooit die verskriklike spoed van dertig myl per uur sou beweeg, dat swaartekrag sy houvas sou verloor, dit reg van die aarde af sou gaan. Nou, dit was wetenskaplik bewys in daardie dag. Dink julle enige wetenskap sou terugkyk, en sê. . . daarop? Sekerlik nie. Ek sien waar hulle nou 'n vliegtuig het, ek vergeet, omtrent vyfduisend myl per uur vir sommige. En hulle stop nie eers daarmee nie, hulle hou aan, aan.

12 Maar ons Christene, en ons geestelikes, en predikers, ons probeer terugkyk in ons skool en sien wat Mnr. Moody daarvan gesê het, Mnr., wat Mnr. Sankey gesê het, of—of Finney, of Knox, of Calvyn, of enige van daardie. Nou, hulle was groot manne in hulle dag, maar, sien, ons kyk altyd terug, laat ons vorentoe kyk. Sien? Ons het onontginde hulpbronne.

13 En nou, die wetenskap kan net *so-hoog* klim, dan moet hulle verlaat, teruggaan, die boom van kennis kan net *soveel*

voortbring, wat voor ons gestel is in die tuin van Eden. En 'n mens is geneig om te lewe van daardie boom van kennis, maar dit was nooit God se plan vir ons om van daardie boom van kennis te lewe nie. Die eerste keer wat die mens 'n hap van die boom van kennis gevat het, het hy sy gemeenskap van God geskei. Elke keer wat hy 'n hap van daardie boom af vat, vernietig hy homself, voortdurend. Hy het buskruit afgebyt, kyk wat dit doen, maak sy kameraad dood; motors afgebyt, wat meer doodmaak as die buskruit; nou het hy 'n atoom-, en waterstofbom, eet nog steeds van daardie boom van kennis wat hom, uiteindelik, sal terugstuur na sy bestemming.

14 Maar die Boom van die Lewe wat hy gelos het, opsetlik, om te eet van die boom van kennis, dan is daar waar hy uitlos. Ek glo dat wetenskap nou. . .

15 Ek is getoets deur een van daardie metertoetse op jou arms oor hierdie Lig, Engel van die Here. En die wetenskaplike foto is Daarvan geneem, julle het dit nou net hier, is oor die wêreld geneem op verskillende plekke, 'n foto van dieselfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gevolg het, wetenskaplik bewys. George J. Lacy, die hoof van die FBI vir vingerafdruk en dokument, sien, het dit ondersoek om te sien of dit reg was, hy het gesê: "Dis nie sielkunde nie," het hy gesê: "die meganiese oog van die kamera sal nie sielkunde afneem nie."

16 Nou, in plaas van om voort te gaan en te kyk wat God belowe het, kyk ons terug en sien wat een of ander broer voor ons gesê het, laat ons nie terugkyk nie, vorentoe kyk, aanhou voortbeweeg, aan, aan. Ons het onontginde hulpbronne, het Jesus gesê in Markus 11:23, "Wat ook al—wat-. . . As jy vir hierdie berg sê: 'Word verskuif,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het." Geen—geen voorwaardes nie, dis—dis nie. . . dis net onbeperk. "Wat julle ook al begeer, wanneer julle bid, glo julle ontvang hulle, sal julle hulle kry," wat ook al, Goddelike genesing, vreugde, vrede, enigiets.

17 Nou, jy sê: "Broer Branham, wat as ons sou vra vir iets wat. . . vir iemand se lewe om geneem te word, of een of ander bose ding." Wel, jy kan nie regtig Christelike geloof hê vir die ding soos daardie nie, dit kos 'n Christengees om Christelike dinge te vra, om dinge van Christus te ontvang. Jy moet hê. . .

18 Onthou altyd, kerk, God se Woorde is waar. Ek glo die regte geestesgesindheid teenoor enige Goddelike belofte van God sal dit vervul, as jy op die regte manier daarna kan kyk.

19 Maar onthou, hier was my—my standaard in die lewe, ek het dit probeer doen: Die eerste ding, wil ek uitvind of dit die wil van God is of nie, dan—dan weet ek dis God se wil; die volgende ding, is my doelwit daarmee, en my motief om dit te doen; dan as dit die wil van God is, en my doelwit is reg, en my motief is reg,

het ek geloof dat dit gedoen sal word. Want, eerstens, is dit die wil van God, en ek het . . . en my doelwit is om Hom te verheerlik, en my motief is om Hom al die eer te gee. Sien? So daar's geen selfsugtige motiewe daaromtrent nie, as jy 'n selfsugtige motief het, sal dit nie werk nie. As jou doelwit is om geld te maak vir jouself, of iets, wel, sal jy nooit slaag nie. En dan iets probeer doen buite die wil van die Here, dan sal dit nie werk om mee te begin nie.

20 So daar is egte geloof, maar jy moet in die regte kanaal van God inkom om daardie egte geloof te hê. Daar's menslike geloof, dan is daar geloof van God, en jy moet die goddelike geloof hê om te glo, nie . . . Dan om goddelike geloof te hê, moet jy die gesindheid van Christus in jou hê, dan is dit hoe God aan julle visioene, openbarings, en al hierdie dinge projekteer, kom deur die gesindheid van Christus wat in jou is. Begryp julle dit? "Laat die gesindheid wat daar in Christus was, in julle wees."

21 Wel, dit verbly my, weer vanaand, om te sê om terug te wees hier in Long Beach na baie jare. Ek onthou toe ek die eerste keer hier ingekom het, was daar baie twyfel oor die bediening, ek sou omtrent die enigste een op die veld wees op daardie tyd wat genesingsveldtogte gehad het. Ek onthou hoe dit so gekritiseer is. En ek onthou die aand toe ek hier weg is, en ek geluister het na die opwindende boodskap van Dr. Fuller, ek het net hierbuite gesit daardie middag en sy groot, roerende, kragtige leringsboodskap gehoor.

22 Ek het sy gehoor sien weggaan, goeie mense, intelligente, mooi, skoon mense, hulle almal die gebou sien verlaat, dit was sy gehoor, nou hier kom myne in, in dwangbuise, rolstoele, hmm! Ek het gedink: "Dis nogal 'n bietjie anders om dit te beoefen, jou geloof," julle sien, ons moet weet. Maar dit was 'n uitdaging vir die Woord van God wat God belowe het dat Dit waar was, en Hy sou daaragter staan. Om die wêreld was ek met hierdie Boodskap, nie een keer het God ooit gefaal nie.

23 En na omtrent veertien jaar nadat ek hierbinne was, staan ek, vanaand, met dieselfde boodskap aan Long Beach, wat ek gehad het toe ek hiernatoe gekom het: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Hy het—Hy het nie enigsins verswak nie, Hy het my nog nooit gefaal nie. Ek het voor toordokters en duiwels gestaan, en, wat bloed drink in 'n menslike skedel en die duiwel aanroep, en jou reguit uitdaag, en ek het nog nooit een keer gesien dat 'n uitdaging ooit gemaak is wat God nie op die toneel beweeg het en 'n groot ding gedoen het nie. Ek—ek daag julle geloof uit, vanaand, om die Here Jesus te glo.

24 Ons het 'n wonderlike week gehad, of, twee weke, saam met Broer Buntain van die Gemeente van God Kerk hier in die stad. Ek het geleer om Broer Buntain lief te hê soos 'n broer net 'n ander kan liefhê. Ek het hom skaars geken toe ek hier ingekom

het, ek het gehoor van sy dapper vader in Kanada, wat 'n groot man is, dienaar van Christus. En toe het ek sy broer ontmoet, daardie voorreg gehad; ek het ander broers hier ontmoet en gemeenskap gehou met hulle. Goeie sang, goeie predikers, die dametjie wat pas gesing het, Mev. Piper, dink ek is haar naam, so 'n lieflike stem, dit behoort die heeltyd vir Christus op te klink, oral, al hierdie dinge behoort te werk waarin dit 'n bietjie later is as wat julle dink. Ek glo ons is naby die . . .

25 Staan ek te naby aan die mikrofoon? Kan julle my beter hoor as ek so terugtree? Is dit beter? Goed. Ek wil nie, ek wil hê julle moet hoor wat ek sê, maar ek wil nie hê my stem moet weerklink nie. Nou, die akoestiek hier is gewoonlik baie goed, dit was die laaste keer wat ons hier was.

26 Ek wil graag een of ander tyd terugkom, as dit God behaag, die wil van God, en behaaglik vir die mense, en miskien kry ons so 'n plek soos hierdie, in plaas van om net een kerk op die borgskap te hê, kry dat almal van hulle dit borg, en dan kan ons hiernatoe kom vir 'n uitgebreide diens. Ek sal bid vir daardie doel as julle vir dieselfde sal bid. En dan—dan miskien kan ons dit lank genoeg voor die tyd reël totdat die, ons die kosbare trustees kon kry, of wie dit ook al is, die opsieners van hierdie ouditorium nou, siende dat hulle 'n baie groter een hierbuite bou, dat ons dit een of ander tyd kan gebruik vir 'n tien-dag diens, of iets. Ek glo dat dit wonderlik sou wees om te kom; enigiets wat sou wees om te behaag, of om iets vir God te doen.

27 En nou, toe ek 'n paar oomblikke gelede Gemeentes van God genoem het, nou dis net een denominasionele kerk. Ons doen nie . . . Vir myself, soos almal weet, dat ek georden is op omtrent een-en-twintig jaar oud, en dit was omtrent een-en-dertig jaar gelede in die Sending Baptiste kerk; waarteen ek niks slegs het wat ek sou kon sê van die Sending Baptiste kerk, of enige ander denominasie nie.

28 Ek het hierdie standpunt ingeneem, dat as die Katolieke kerk, 'n Katoliek, 'n Rooms Katoliek, of ortodoks, of wat hy ook al mag wees, as hy na die Katolieke kerk kyk vir verlossing, is die persoon verlore; as die Baptis na die Baptiste kerk kyk vir verlossing, is hy verlore; as die Pinkster na die Pinksterkerk kyk vir verlossing, is hy verlore, maar as die Katoliek, Pinkster, of Baptis, Presbiteriaan, of wat ook al, as hy plegtig op Jesus Christus vertrou, is hy gered, want dis deur geloof wat jy gered word, en dit uit genade. Sien?

29 Katolieke kan gered word, Baptiste kan gered word, Pinksters word gered, omdat ons almal aanvaar wat Christus vir ons gedoen het. Dis reg. Dis ons eie persoonlike geloof in 'n voltooide werk wat Christus vir ons gedoen het, daarom het ek nog nooit 'n denominasionele grens getrek of 'n lyn gehad nie, ek

het probeer uitreik, elkeen in my arms neem en hulle na die kruis wys, nou, en dis:

Dierbare sterwende Lam, U kosbare Bloed
Sal nooit sy krag verloor nie,
Tot die hele losgekoopte Kerk van God
Gered is om nooit meer te sondig nie.

Vandat ek deur geloof daardie stroom gesien het,
Wat U vloeiende wonde voorsien het,
Was verlossingsliefde my tema,
En sal wees totdat ek sterf.

30 Dis my—dis my slagspreuk, kan ek sê, en dan volgende: Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

31 Dankie almal vir al julle goedheid en genade, en julle vrygewige hande wat julle vir my geskud het, en—en die vriendelike dinge wat julle gedoen het, en julle briewe, en ons antwoord net so vinnig as wat ons kan. En die klein gebedsdoekies waaroor ek gebid het, baie van hulle het ek nog nie uitgegee nie. En as julle een wil hê, dis absoluut gratis, skryf net vir my by Jeffersonville, Indiana, en ek sal vir julle een stuur. Net as julle. . .Posbus 325. Maar as julle nie daaraan kan dink nie, net Jeffersonville, Indiana, dis 'n klein stadjie, van omtrent vyf-en-dertigduisend, en ons pos is groot.

32 Nou, ek probeer nie julle adres kry nie, want ek het geen programme nie, ek het niks, geen programme nie. Ons het boeke, maar daardie boeke, ons koop hulle van iemand anders om hulle na die diens toe te bring. Ek het geen radio, geen televisie, niks anders nie. Ek is nie onder verpligting teenoor niks of niemand behalwe God alleen nie. Sien? Ek kan na 'n kerk toe gaan, klein of groot, ek hoef nie enige sekere bedrag geld te hê nie, daar's niks bepaal nie.

33 Ek's een-en-vyftig jaar oud, preek al vir een-en-dertig jaar, en het nog nooit in my lewe 'n offerande opgeneem nie. Dis reg. Ek—ek. . .Glad nie enige geld daaraan gekoppel nie. Mense gee my goedjies sodat ek kan lewe, en help om die bediening te ondersteun, wat waardeer word, wat in 'n stigting in my kerk ingaan. Self, kry ek eenhonderd dollar per week vir my lewenskoste, en daarbuite, wel, dis al wat ek het, en dis al wat ek nodig het.

34 En ek—ek glo nie dat die Evangelie van Christus ooit gemaak is om te kommersialiseer nie, ek glo dat dit nie gedoen moet word nie. En ek glo nie dat—dat diensknegte van Christus moet probeer om vertoners te wees nie, ek glo hulle is veronderstel om nederig te wees, die plek van Christus in te neem, Wie ons, Sy Lewe in ons, Hom verteenwoordig aan die publiek.

35 Nou, ons vind uit dat Hy gesê het: "Die jakkalse het gate en lêplekke, en die voëls het neste; maar die Seun van God het nie 'n

plek om Sy hoof neer te lê nie." Hy hoef nie so te gewees het nie. Ek dink die mooiste Woord in die Bybel, een van hulle: "Vader, Ek heilig Myself om hulle ontwil." Hy het 'n reg gehad om 'n vrou te hê, Hy het 'n reg gehad om 'n huis te hê, Hy het 'n reg gehad op die—op die plesiere van die lewe, soos ons het, die gemak van die lewe ten minste, maar Hy het Homself geheilig omdat Hy twaalf manne opgelei het wat die wêreld sou roer met die Evangelie. En as Hy dit kon doen, hoeveel te meer behoort ons onsself te heilig? Sekerlik.

Nou, laat ons, net nog een woord aan Hom. Voor ons die Woord van die Outeur nader, laat ons Hom nog een keer nader in gebed.

36 Here, Dis U Woord, ons bid dat U Dit werklik sal maak vir ons vanaand. Nou, ons weet dat daar geskryf staan: dat: "Die mens nie van brood alleen sal lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." En soos ons U Woord lees, weet ons Dit sal nie faal nie. Ons woorde sal faal omdat ons sterflik is en ons eindig is, maar U is oneindig, en die onsterflike, Ewige God. En soos ek U Woord nader, nader ek dit met daardie tipe geloof, dat U Woorde nie kan faal nie. En as ek hierdie Woord lees, dan, as die mense wat hier vergader het vanaand, huis toe gaan, hulle ten minste kan sê hulle het iets Ewigs gehoor, want Dit was U Woord.

37 Dan, Vader, as die Evangelie nie gekom het net deur die gehoor van die Woord nie, geloof het daardeur gekom, maar die Evangelie moes manifesteer, of demonstreer, die krag van die Heilige Gees wat in die Woord is. Want: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon." Dan word ons oorkant in die Boek van Hebreërs geleer dat die Woord van God skerper is as 'n tweesnydende swaard, wat uitmekaar sny, selfs tot die murg van die been, en die Woord van God is 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart.

38 Die oorlegginge van ons hart en verstand, die Woord van God kan dit openbaar, want die lewende Christus, Wat die lewende Woord is, kom in ons lewende siel in, openbaar die verborgenheid van die hart, want Hy is die Woord. Laat die Woord spreek, Vader, en die oordenking van ons hart vir U aanvaarbaar wees, O Here. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

39 In die Boek van Matthéüs se Evangelie, die 12de hoofstuk, 42ste vers, sal ons dit lees vir 'n gedeelte, uh, vir 'n teks:

> En *die koningin van die suide sal in die oordeel* opstaan *saam met hierdie geslag en dit veroordeel: want sy het gekom van die* uiterstes *van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor; en kyk, hier is meer as Salomo.*

40 Jesus, in die vorige verse hier, ek wil hê wanneer julle huis toe gaan, dat julle hierdie wonderlike hoofstuk lees, en Jesus het hulle betug en hulle bestraf, omdat hulle Hom nie geglo het nie. Hy het gekom, het Hy gesê, in Sy Vader se Naam, en hulle het Hom nie ontvang nie, Hy het gesê: "Iemand sal kom in sy eie naam, en dan sal julle hom ontvang." En dis reg.

41 Ons kom en maak ons kerke en het ons denominasies, en hulle is. . . julle is gereed om te sê: "Ja, ek—ek—ek—ek behoort aan die Baptis, die Presbiteriaanse." Julle ontvang so maklik, maar om Jesus te ontvang, uh-uh, hulle wil Hom nie hê nie.

42 Nou, Hy het gesê: "Ek kom." En toe Hy wel gekom het, het die mense Hom nie herken nie, Hy het net presies gekom soos die Skrif gesê het dat Hy sou kom. Hy het gekom en Hy was die Joodse Messias. En nie net Joodse Messias nie, Hy was die beloofde Saad van Abraham, wat ons so deur die week van studie geneem het, en, oorkant by die kerk. En Hy het na Sy Eie gekom, en Sy Eie het Hom nie ontvang nie.

43 En Hy het Homself aan Sy Eie bekendgestel. En Hy het na Israel toe gekom, wat die—die kerk van God was, en die volk van God, en die nasie van God, "En Hy het na Sy Eie gekom en Sy Eie het Hom nie ontvang nie, maar soveel as wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die mag gegee om seuns van God te word, vir hulle wat in Sy Naam geglo het."

44 Nou, ons vind uit dat daar drie klasse mense was. Ons stam van drie seuns van Noag af: Gam, Sem, en Jafet; en daar was, dit was Jood, Heiden, en Samaritaan.

45 As julle oplet, Petrus is, deur openbaring, die sleutels van die Koninkryk gegee, want God het geweet dat hy die openbaring van die Skrif gehad het, want Hy het Sy dissipels as geheel gevra: "Wie sê die mense is Ek, die Seun van die mens?"

En een het gesê: "U is Elía."

En die ander een het gesê: "U is die profeet."

En een het gesê: "Moses."

Hy het gesê: "Maar Ek vra julle, Wie sê julle is Ek?"

En Petrus het gesê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

46 En Jesus het gesê: "Geseënd is jy, die seun van Jona, vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is." Sien, dit was 'n openbaring. "En op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk kan Dit nie oorweldig nie." Sien? Dit was 'n direkte openbaring wat bekendgemaak is aan die apostel, dat Hy die Seun van God was.

47 Nou, as die Kerk van God nog steeds bestaan, dan het diegene in die Kerk daar ingekom deur geestelike openbaring, want dis hoe ons in die Kerk inkom. Maar baie van ons probeer inkom

deur doktrinêre teologie, en *so-so*, en alles reg, waarteen ek niks sê nie, maar ek probeer onderskei tussen wat *werklik* waarheid is, en wat *gedeeltelik* waarheid is. Die openbaring wat God aan jou openbaar dat Dit Sy Seun is Wat in jou plek gesterf het, dan is dit die openbaring, Wie Hy is.

48 Nou, Jesus het gekom en Hy het aan die mense bewys op elke manier wat die Skrif gesê het: dat Hy die Messias was wat was. . .hulle verwag het sou kom. Nou, baie van hulle het die verkeerde opvatting van Sy koms gehad, en dis waarom Hy misverstaan is. Verskoon die uitdrukking, maar dis waarom Hy vanaand misverstaan word, hulle het die verkeerde opvatting van wat Hy is.

49 Nou, ek glo terwyl ek daar gestaan het, het ek my medewerker hier gehoor, die Skrif lees wat sê dat die veldtogtemas altyd is: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, tot in ewigheid," hy het Hebreërs 13:8 aangehaal dat "Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid."

50 Nou, toe Hy gekom het, was die—die groot groep van Israel se oë sekerlik wyd oop op soek na 'n Messias, maar hulle het na Hom gesoek op die manier wat hulle geleer is dat Hy sou kom. Wel nou, enige goeie, geestelik-denkende, of selfs 'n intellektueel-denkende persoon, sou weet dat Hy nie teenstrydig met die Skrifte gekom het nie, Hy het teenstrydig gekom met hulle *begrip* van die Skrifte, nie teenstrydig met die Skrifte nie, maar hulle is deur hulle leraars geleer op so 'n manier dat die leraars die verkeerde begrip van Hom gehad—gehad het.

51 En mag ek nie gevoelens seermaak deur dit te sê nie, maar miskien kan dit weer so wees. Julle weet as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, sal Hy waarskynlik 'n bietjie anders kom as wat ons verwag Hy moet kom. Dis net 'n—'n logiese, verstandige, manier om so 'n gedagte te benader, sou ek dink, in hierdie dag.

52 Nou, ons sal dan sien dat toe Hy gekom het, die Messias veronderstel was om te wees, volgens die profeet Moses, wat regtig die een was wat Sy koms voorspel en gesê het: "Die Here julle God sal 'n Profeet soos ek oprig." Nou, enige goeie teoloog sou geweet het dat daardie Messias 'n Profeet moes wees, of Sy— of Sy eienskappe wat Hom gevolg het, sou profeties wees, omdat Israel altyd beveel is om hulle profete te glo, sou hulle altyd.

53 Maar ons moet dit ook in ag neem, dat nie almal na Christus kan kom nie, want Hy het gesê: "Niemand kan na My toe kom tensy My Vader hom eers trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom." Kyk na die miljoene wat ontvang het. . .wat Hom nie in daardie dag ontvang het nie, en die minderheid wat Hom wel ontvang het. Nou, kom ons plaas dit oorkant op vandag, en kyk reguit daarna soos dit behoort te wees.

54 Nou, ons sien soos Hy gekom het dat Hy die teken van die Messias gedoen het. En soveel keer deur die week het ons dit probeer voortbring en dit oor, en oor, en weer oor gewys het, al die pad van Génesis tot Openbaring het ons dit gevind. Is dit reg, klas, hierdie week? Dit wat die Messias sou wees... [Leë kol op band—Red.]

55 ...ons is gesalf...Die profeet het altyd die Woord van die Here, 'n ware profeet. Sien? Die profeet het gesê dat "Hulle het oë, en kan nie sien nie," hulle kon nie die wonderwerke sien nie, "hulle het ore, en hulle kan nie hoor nie." Sien? Jesaja het so gesê, so ons weet dan dat—dat hulle so moes wees. Nie dat God dit bedoel het dat dit so moet wees nie, maar deur Sy voorkennis het Hy geweet dit sou so wees, want Hy is oneindig.

56 So as Hy oneindig is, het Hy die einde van die begin af geken. En dis waarom Hy die einde van die begin af kon voorspel, Hy het geweet omdat Hy God was. En as Hy nie oneindig is nie, dan is Hy nie God nie. Maar ons weet Hy is oneindig, en ons is die eindige. Ons maak dinge so deurmekaar, en so seker dat ons reg is, dan ry God met Sy oneindige verstand net so ver oor die... "My gedagtes is hoër as julle gedagtes," het God gesê, sien. Sy weë is hoër as ons weë, so ons moet onsself onderwerp aan Sy weg.

57 Nou, ons het gehoor van allerhande dinge wat plaasvind, ons het gehoor van Elía, ons het gehoor van maagdelike Maria's regoor die land, en ons het gehoor van allerhande soorte sensasies en alles soos daardie. Wat ek—ek nie hier is om daarteen te praat nie, ek is hier om te sê dat enige Engel van God, of enige boodskapper van God, streng in die Woord van God moet bly.

58 In die ou Bybel het hulle 'n manier gehad om uit te vind of dit die waarheid was of nie. Hulle het in hulle Mosaïese wette gehad wat hulle die Äároniese priesterskap genoem het, en dan die Levitiese priesterskap, liewer, en Äáron was die hoëpriester wat die bors-...op sy bors gedra het, die stene van elke geboorte van die aartsvaders.

59 Hulle het daardie borsplaat opgehang, en toe is dit die Urim en Tummim genoem, en wanneer 'n profeet geprofeteer het, as hy na die Urim en Tummim gegaan het, en hy sy profesie vertel het, of sy droom vertel het, en daardie bonatuurlike Ligte het nie weerkaats in 'n konglomerasies van Ligte nie, dan, ek gee nie om hoe goed dit klink nie, dit was verkeerd, hulle het dit geweier. Alle goeie leraars weet dat, dat hulle—hulle dit geweier het, dit moes bewys op die Urim en Tummim. En nou, natuurlik toe daardie priesterskap geëindig het, toe het daar 'n ander priesterdom ingekom wat, volgens die orde van Melgisédek.

60 Nou, nou vandag het ons nie die geboortestene van die aartsvaders nie, maar ons het wel 'n Urim en Tummim, en dis God se Bybel. Jesus het gesê: "Hemel en aarde sal verbygaan,

maar My Woord sal nooit verbygaan nie." En in die Boek van Openbaring, wat die openbaring van Jesus Christus is, het Hy gesê: "As enigiemand Daarby sal byvoeg, of wegneem Daarvan, sal dieselfde weggeneem word, sy deel, uit die Boek van die Lewe." *Dit* is die Urim en Tummim.

61 Joseph Smith het 'n engel ontmoet, dit was nie Skriftuurlik nie. Nou, as enige engel, of enigiets wat teenstrydig is met God se Woord, *Hierdie* is die volle openbaring van Jesus Christus, so bly daarom Daarby.

62 Toe het Jesus Homself bekend gemaak aan Sy broers deur met Simon te praat, en hom vertel wie hy was en wie sy vader was, het Simon herken, onmiddellik, dat Hy die Messias was. Glo julle dat God, voor die grondlegging van die wêreld, geweet het dat daardie ding so sou gebeur? Jesus het so gesê, Hy het hulle geken voor die grondlegging van die wêreld, so, en God het hulle geroep.

63 Nou, toe Natánael gekom het, was hy ook, soos ek die broer hier hoor praat het 'n paar oomblikke gelede, is dit bewys, en Natánael wat 'n Skriftuurlike man was, het hy geweet dat dit die Messias was, wat die Messias sou doen. Die vrou by die put, soos hy daarna verwys het. Hoeveel keer nog? Saggéüs bo in die boom, wat wegkruip vir Hom. Reg onder die boom gestaan, en gesê: "Saggéüs kom af; Ek gaan huis toe saam met jou vir middagete." Blinde Bartiméüs wat afgaan in die skare, en hulle wat goed na Hom gegooi het, en geskree het, en Hom bespot het, tog het sy geloof Hom gestop, en Hom nie net gestop nie, maar dit het die man genees. 'n Vrou het die soom van Sy kleed aangeraak, en weggegaan en gaan sit, Hy het gesê: "Iemand het My aangeraak." En die apostel het Hom bestraf omdat hy so 'n Woord gesê het. Hy het rondgekyk oor die gehoor tot Hy die vrou gevind het, en haar vertel van haar bloedvloeiing en gesê haar geloof het haar gered. Sien? Dit was volmaak, die teken van die Messias, en hulle het geweier om dit te herken.

64 Nou, my argumente is, is hierdie volgens die Skrif, dat Hy—Hy daardie tekens gedoen het voor beide Jood en Samaritaan, maar nie aan die Heidene nie, nie een keer nie, want die Heidene het nie na enige Messias gesoek nie. Maar is ons Heidense Christene, vanaand, op soek na 'n Messias? Hy het ons belowe in Lukas, Hy het gesê dat wanneer ons die teken van Sodom gesien het, dis hoe dit sou wees by die koms van die Seun van die mens. Onthou julle dit? Hoe daardie Lot daaronder, die grenslyngelowige onder in Sodom, die kerklidmaat, heeltemal deurmekaar met die wêreld en sy teologie heeltemal deurmekaar, maar daar was 'n moderne Billy Graham wat soontoe gegaan het, en hulle het die Evangelie gepreek, en Lot en hulle uitgebring.

65 Maar Abraham was alreeds uit. Die woord *kerk* beteken: "uitgeroepte," die uitgeroepte groep. Met ander woorde, God vra

vir skeiding, die wêreld vandag vra vir mengers.

66 Baie van die mense wat julle pastoor kies, julle wil iemand kry wat sal meng, wat sal afgaan, gaan swem op die strand, of ’n klein, vriendelike drankie saam met julle drink, of—of ’n klein, smerige grappie vertel, of iets; dis te veel in die Protestantse sfere vandag. Maar die mense wil ’n menger hê, maar God vra vir afgesonderdes. Sonder jouself af daarvan, moenie saam met ongeloof in dieselfde juk trek nie. Dis God se manier om dit te doen, die wêreld het ’n ander idee.

67 Nou, soos ons verder in die Woord inkyk, vind ons dat die uitgeroepte Kerk, die Uitverkorenes, daar ’n Engel was Wat met hulle gepraat en vir hulle ’n teken gegee het. En daar was ’n vreemde Man wat in vlees was, wat Abraham later Elohim genoem het, God Almagtig. En so het hy opgelet dat hierdie Man gesit het, Sy rug gedraai het na die tent. En net die—die hoofstuk voor hierdie, het God Abraham ontmoet en hom ’n naam gegee van *Abram* na *Abraham*, *Sarai* na *Sara*, en: “prinses,” en Hy het hulle albei aangespreek op hulle priesterlike, of God-gegewe naam. *Elohim*, H-e-m, deel van Sy naam, *Abraham* geneem, van Abram, *ham*, deel van God se Naam, omdat hy, ook, ’n vader sou wees, deur saad, vir baie nasies, die vader van nasies.

68 Nou, julle—julle let op wat daar plaasgevind het, nou, die Engel met Sy rug gedraai na die tent, het Hy gesê: “Waar is Sara, jou vrou?”

Hoe het Hy geweet haar naam was Sara? Hoe het Hy geweet hy was getroud? En hoe het Hy al hierdie dinge geweet?

Gesê: “Sy’s in die tent agter U.”

69 En Hy het gesê: “Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe.” En Sara het by haarself gelag, toe sy het, het die Engel gesê: “Waarom het sy in haar hart gelag dat ‘ek nie in staat sal wees om dit te doen nie, en ek is te oud,’ ensovoorts?” Hoe het Hy dit geweet?

70 Nou, Jesus duidelik . . . Nou luister goed, moet dit nie mis nie, en wees net so eerbiedig as wat julle kan. Let op, daardie belofte is gemaak net om weer te gebeur by die Koms van die Here. Sien? Nou, Jesus wat misverstaan is, wat het hulle gesê toe hulle Hom Sy tekens van die Messias sien doen het? Hulle het gesê: “Hy’s Beëlsebub.”

71 Wel nou, ons weet dat Beëlsebub ’n duiwel was, hy was die hoof van die duiwels. En anders, het hulle Jesus wat hulle gedagtes in hulle harte onderskei het, ’n—’n fortuinverteller genoem, of ’n gedagteleser, of iets soos daardie, waarvan ons weet dat dit van die duiwel is, sekerlik. En dis—dis ’n verdraaide, iets wat eg was, wat verdraai is.

72 Die duiwel kan nie skep nie, die duiwel verdraai net wat God geskep het; daar’s net een Skepper, dis God. Wat is ’n leuen? Is

'n waarheid wat verkeerd voorgestel is. Wat is 'n—'n slegte vrou? Is 'n goeie vrou wat verdraai is. Sien? Enigiets wat verdraai is, is van die duiwel, enigiets in sy oorspronklike toestand is van God. Sien? God is die enigste Skepper. En die duiwel kan nie skep nie, hy moet verdraai wat God geskep het. Hou dit in julle gedagte.

73 Nou, hulle het die Gees van God genoem, wat hierdie groot tekens gedoen het om te bewys dat Hy Messias was, hulle het dit 'n bose gees genoem. En Jesus het gesê dat "Ek sal julle vergewe hiervoor, maar wanneer die Heilige Gees kom om dieselfde ding te doen, sal een woord Daarteen nooit vergewe word in hierdie wêreld, of in die wêreld wat sal kom nie." Kyk hoe streng!

74 Nou, voor die oordeel kan tref, kom genade eers. Dan na genade, dan is daar nie . . . As jy genade verwerp, is daar net een ding oor, dis oordeel. Oordeel volg op genade nadat dit verwerp is. Hulle het Christus verwerp, oordeel het gevolg; hulle het die profete verwerp, oordeel het gevolg; en soveel as wat dit my seermaak, as 'n Amerikaanse burger, moet ek sê dat hierdie volk genade verwerp het, so dis gereed vir God se Goddelike oordeel.

75 Kyk wat het na hierdie volk toe gegaan, allerhande dinge, groot manne soos waarvan ek so pas gepraat het 'n paar minute gelede, Charles Fuller, Billy Graham, Jack Shuler, Oral Roberts, Tommy Hicks, T. L. Osborn, groot manne het hierdie nasie deurkruis en dit geskud het, en dit wandel voortdurend in sonde, beweeg net blindelings voort. Party van hulle sal beïnvloed word deur die—die bediening van hierdie groot manne, en sal inkom en by die kerk aansluit, en reguit uitgaan en lewe op dieselfde manier wat hulle altyd gelewe het. Wanneer jy die Naam van Jesus Christus bely, bly weg van alle sonde, "Laat elke mens wat die Naam van Jesus Christus noem," sê die Skrif: "afstand doen van sonde." Maar wat doen ons?

76 Wat is *sonde*? "Ongeloof." Daar's net een sonde: ongeloof. Jy pleeg owerspel, jy rook sigarette, jy vloek, jy drink, omdat jy 'n ongelowige is. As jy 'n gelowige was, sou jy dit nie gedoen het nie, daardie dinge is eienskappe van ongeloof. 'n Ware gelowige is behoorlik, standvastig op Christus gevestig, en daar's niks wat hom sal skud nie. Maar omdat jy wankel, eenkant toe trek, dis waarom jy hierdie dinge het wat in jou lewe gebeur. Ware onvervalste geloof sal jou veilig teen die kruis hou, dit sal.

77 Nou, Hy het hulle bestraf en vir hulle gesê, omdat hulle dit gedoen het, Hy het begin sê (En ek kom nou af na my teks.) dat die Koningin van die Suide sal opstaan en die geslag veroordeel. Hulle het Hom vertel dat Hy Beëlsebub was net 'n paar verse tevore. En Hy het hulle bestraf vir hulle ongeloof, Hy het vir hulle gesê dat hulle 'n dag gehad het, maar hulle dit verwerp het. Hy het eenkeer gesê: "Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Ek jou bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens, maar jy wou nie! Nou is dit verby vir jou."

78 En ek glo dat die groot Heilige Gees in die harte van mans en vroue in Amerika wat Christene is, Dit kan voel uitroep: "Groot Amerika, Amerika, hoe dikwels sou Ek vir julle 'n herlewing gegee het, hoe dikwels, wel, wou ek julle bymekaarmaak, maar julle wou nie! Julle het die dinge van die wêreld liewer as wat jy die dinge van God liefhet, so daar het julle dit." Dan is daar niks oor behalwe dat Goddelike oordeel sal moet val, skeiding van God nie.

79 Nou, ons vind uit dat God deur alle geslagte gawes gehad het. Elke geslag, deur die Bybel, soos ek baie Skrifte hier het waarna ek hier kan verwys dat—dat God deur die verskillende eeue Goddelike gawes gehad het.

80 En nou wil ek dit vir die geestelikes sê: ek wil hê julle moet my vertel, of vir my in die geskiedenis noem, eenkeer van enige historikus, of enige tyd wat God ooit Sy seëninge uitgestort en 'n herlewing gehad het, dat daar nie Bonatuurlike tekens daardie herlewing gevolg het, elke herlewing, nie. Hulle het genesings gehad, en praat in tale, en demonstrasies van die Gees in elke herlewing; dis die tekens van God. God, waar God is, is daar tekens, want God is 'n tekenwerkende God.

81 Jesus het nooit gesê: "Het julle My geglo omdat Ek My Vader se leer gehad het?" nie. Hy het gesê: "As Ek nie die leer van My Vader uitvoer nie, moet My nie glo nie"? Hy het gesê: "As Ek nie die *werke* van My Vader doen nie, moet My nie glo as Ek nie die *werke* doen nie."

82 Ons het gegaan, en skole gemaak, en Bybelskole, en—en kweekskole, en pragtige geboue gebou, maar dit was beslis nie die opdrag nie. Hulle is in orde, ek kan niks slegs teen hulle te sê nie, hulle het hulle rol gespeel, maar dit was nie die opdrag nie, die opdrag was "Gaan in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie." Om die Evangelie te preek, was om die krag te demonstreer, dit moes wees. Wat sê die volgende vers? "En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Die manifestasies is... Die demonstrasies is die werke uit die Woord wat bewys is. Wanneer die Woord gepreek word, bevestig tekens van die Woord dat die Woord waar is. Indien nie, kom dit nie uit die hart van geloof nie, dit anker nie in die hart van geloof nie.

83 Het Jesus nie gesê dat party saad gesaai het, en toe dit langs die pad geval het, het die voëls hulle opgepik nie? Party het in klipperige grond geland, en rykdom van die aarde het hulle versmoor, soos distels, ensovoorts? En het Hy nie gesê party het gegaan en honderdvoudig voortgebring nie? Sien, jy moet eers die Woord laat val in die regte tipe geloof. En in daardie geloof bring dit voort wat die Woord gesê het, want die Woord is 'n Saad. Die Woord van God, net *hier*, is 'n Saad wat 'n saaier saai. En elke saad sal van sy soort voortbring as dit in die regte atmosfeer en

die regte toestand geplaas word, jy kan dit nie verberg nie, jy kan nie egte lewe verberg nie.

84 Jy neem natuurlike lewe, botaniese lewe, laat daardie son warm word, nou, soos in my land, die saadjie val af, uit hierdie blomme, hulle sterf, hulle hou 'n begrafnisstoet, die—die hemele huil yslike groot Oktobertrane af, en begrawe hulle in die grond, die saad bars oop, die pulp loop uit, dit is nie die einde van daardie blom nie. Laat net die son, die s-o-n, wat beheer het oor die hele botaniese lewe, en dan wanneer dit op die grond begin skyn en dit 'n sekere temperatuur laat bereik, geen ander temperatuur sal dit doen nie, niks anders sal daardie kleur daarin sit behalwe die son nie, so jy laat dit in die regte temperatuur kom, die regte atmosfeer, en daardie kiemetjie van die lewe wat iewers in die grond weggesteek is, sal weer uitkom.

85 Het julle al ooit 'n betonpaadjie gelê, en opgelet in die lente van die jaar, waar is jou dikste gras? Reg rondom die rand van die paadjie. Wat is dit? Dis daardie saad wat onder daardie paadjie begrawe is. En wanneer die temperatuur reg raak, die seisoen reg raak, kan jy nie lewe wegsteek nie, dit sal sy pad regdeur werk, en sy koppie kom opsteek en God prys, want dis lewe, jy kan dit nie wegsteek wanneer die s-o-n skyn nie.

86 Net so seker as die s-o-n botaniese lewe bring, bring die S-e-u-n Ewige Lewe. En jy kan Dit nie wegsteek nie, Dit sal skyn, daar's iets wat moet gebeur. Jesus het gesê: "As hulle stilbly, sal die klippe onmiddellik uitroep." Iets vind plaas. Wanneer God, die Ewige God, Sy Gees laat begin skyn, sal diegene wat verordineer is tot Lewe, dit herken, hulle sal kom en wandel in die Lig, lewe in die Lig.

87 En Hy het gesê: "Voorwaar, Ek sê vir julle, 'n klein tydjie, en die wêreld," (*Kosmos*, wat beteken "die wêreldorde.") "sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien, want Ek," Ek is 'n persoonlike voornaamwoord daar, "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die voleinding," die heelpad tot daar. "Gaan julle in die *hele* wêreld in." Nie net aan hierdie geslag nie, die *hele* wêreld.

88 Julle wat sê dat die, wil sê dat die tekens van die apostels, die enigstes was wat die Heilige Gees gehad het, enigstes wat wonderwerke kon doen, hoe kan julle die geskiedenis van die Kerk lees, en so-iets soos daardie sê? Wat van Polycarpus? Wat van Irenaeus? Wat van Sint Martin? Wat gaan julle met daardie manne doen? *Columba*? Columba? Almal van hulle, wat gaan julle met hulle doen? Honderde jare later het hulle steeds die siekes genees, die dooies opgewek, in tale gepraat, duiwels uitgedryf, hoe gaan julle dit wegsteek? Solank as wat daardie Seun, S-e-u-n, van God se Heilige Gees skyn op die Kerk, sal tekens en wonders verskyn. Kan dit nie wegsteek nie, dis daar.

89 Lees dit saam met my, Markus 16: "Gaan in die hele wêreld in." Dit het nog nooit die hele wêreld bereik nie. "Preek die Evangelie," demonstreer die krag. Hoeveel? "Aan elke skepsel." Sien? "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Hoe ver? Die hele wêreld, elke skepsel. Jy kan dit net nie wegsteek nie. Hy het nooit gesê: "Gaan, leer die Woord nie." "Gaan, verkondig die Evangelie," demonstreer die krag van die Heilige Gees.

90 Nou, as jy nie die Woord ken nie, hoe sal jy die teken ken? "Hierdie tekens." Jy moet die Woord ken om te weet waarvan jy praat. As jy dit neem uit een of ander man se begrip, dan het jy dit nooit gekry soos Petrus dit gekry het nie, dan sal jy jou eie idee daarvan vorm. Maar Jesus het vir Petrus gesê: "Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is. En op hierdie rots sal Ek My Kerk bou; en die poorte van die doderyk kan Dit nie oorweldig nie."

91 Nou, om te sien of dit reg is of nie, gaan terug en kry die *Voor-Niceense Vaders*, of die *Niceense Raad*, en die—die historici van die eeu, en vind uit of in elke tyd toe mense daardie Woord geglo het, Dit nie net presies voortgebring het wat Dit gesê het Dit sou voortbring nie.

92 Ek het nie lank gelede nie gesien waar hulle in die skuur van Egipte ingegaan het en 'n bietjie koring gekry het wat daarin gesit is omtrent vyf-en-twintighonderd jaar gelede, ja, meer as dit, omtrent drieduisend jaar gelede, daar ingesit is deur Josef, van die koring het daar gelê vir al daardie jare, en dit in die grond geplant, en dit het weer voortgebring. Maak nie saak hoe lank hierdie Evangelie hier lê nie, tweeduisend jaar het ons spotters en uittarters gehad, en gesê die dae van wonderwerke is verby, maar daardie Woord in die regte soort hart sit, sal Dit weer voortbring, net presies soos *dit* die eerste keer het, want Dis die Woord van God, Dit moet in 'n kanaal van geloof inkom. Solank dit in die skuur gelê het, het dit niks beteken nie, dit het net daar gebly as 'n gedenkteken.

93 Ek was verbaas in Rome, het hulle, negentien verskillende, egte, spykers wat in Jesus se hand vasgespyker was. Elkeen het gesê: "Ons het dit, ons kerk het dit. Ons het dit." Negentien spykers wat hulle kan bewys, wanneer daar net drie was. Sien? Almal wil 'n spyker hê.

94 Hier nie lank gelede nie het 'n groot (Julle verstaan wat ek bedoel.), grote vorendag gekom met 'n stuk, "*Hier* is 'n stuk van die oorspronklike kruis."

95 Watter verskil maak dit? Ek gee nie om hoeveel spykers jy het, hoeveel stukke kruis jy het nie, ons moet weer hierdie Woord voortbring. Sit Dit nie op 'n kruis, op 'n spyker nie, maar op die lewende atmosfeer van die Heilige Gees, wat die resultate voortbring. God se Woord, onder die regte atmosfeer, sal presies voortbring wat Dit sê Dit sal doen. Dit moet egter in die regte

atmosfeer wees, jy kan Dit nie oorkant in die kweekskool neersit, of een of ander Bybelskool wat nie in tekens en wonders glo nie. Dit sal nooit ge- . . . Dit sal nooit uitbreek en Lewe daar bring nie, die atmosfeer is verkeerd, maar jy moet Dit in die regte atmosfeer plaas. Watter soort atmosfeer? 'n Atmosfeer van oorgawe. Bly daar totdat Dit gaan groei en Lewe kry, dis die idee.

96 Het nooit gesê: "As Ek die *leer* van My Vader doen," nie. Hy het gesê: "As Ek nie die *werke* van My Vader doen nie." Daardie, die leer, enigiemand kan dit leer, maar laat ons die werke gedoen sien word.

Jy kan sê: "O, Hy's 'n groot God."

97 Sekerlik. Ons gaan in Bybelskole in, nie dat ek hulle veroordeel nie, maar ek probeer om . . . Ek hoop nie julle verstaan my verkeerd nie, ek veroordeel nie Bybelskole nie, maar ek veroordeel dit, wat julle sê dat julle—julle hierdie dinge leer, en dan die hele fondasie uitslaan om te sê dit was in 'n ander eeu.

98 Dis net soos om jou kanarievoël vitamiene te gee om vir hom goeie, sterk vlerke op te bou, en hom in 'n hok te sit. Wat help dit om dit te doen? Waarom sy vlerke opbou as jy hom ingehok gaan hou? Wat die kerk vandag nodig het, is die oopmaak van hierdie versperrings wat hulle hou, en 'n paar Pinkster, Heilige Gees vitamiene teruggegooi in die kerk, dan sal dit die atmosfeer verander. Dis reg. Hulle sal uitbroei, dit sal arende voortbring in plaas van hoenders. Hoender is 'n, hy's 'n voël, maar hy's 'n halfbroer, hy weet niks van die hemele af nie, hy weet nie wat dit beteken om daarbo te wees nie.

99 Een van die jammerlikste gesigte wat ek ooit gesien het, was, ek het eenkeer afgegaan na 'n hok, ek en my klein Sarah, ons het daar rondgeloop, en daar was 'n, ek het 'n geraas gehoor en dit was 'n groot arend, iemand het hom gevang, en hy het net al die vere van sy kop afgeslaan en die punte van sy vlerke. En hy sou weer oor die hok kom, en hy sou aangeklap kom, en hy sou sy kop daarteen kap, met sy vlerke en die vere wat vlieg, sou hy terugval. Ek het hom daar sien lê, en daardie groot, grys oë wat rondkyk. Hoekom? Hy was 'n hemelse voël, hy woon in die hemele, dis waar sy hart is. Maar deur die listigheid van die mens, wat hom vasgevang, en hom in hierdie hok gesit het. En hy het homself probeer uitslaan met sy eie krag, reg teen die kant kap.

100 Ek het gedink: "Dis jammerlik!" Ek het amper in trane weggestap van daar af. Ek het gedink: "Ek wens hulle wil dit aan my verkoop." Ek haat om enigiets ingehok te sien word.

101 Ek haat dit om die kerk ingehok te sien word, ja, wat net jouself doodslaan, en al die res, met allerhande sop-etes, en middagetes, en klasse, en verenigings, en sulke dinge. Goeiste, jy is nie gebore om so te wees nie, nee, nee.

102 En ek het die ou kêrel opgelet, ek het gedink: "As ek net kon . . . " Ek het gedink: "Wel, dis 'n jammerlike gesig."

Sara het gesê: “Pappa, daardie arme voël!”

Ek het gesê: “Ja, Skat.”

Gesê: “Waarom kap hy op sy kop en. . .?”

Ek het gesê: “Hy probeer uit daardie tralies uitkom.”

Gesê: “Wat maak dat hy wil kry. . .? Waarom gaan sit hy nie net en wees tevrede nie?”

103 Ek het gesê: “Hy kan nie. Sien, Skat, sy natuur is *daarbo*, dis waar hy behoort te wees. Daardie groot vlerke is vir hom gegee om homself daar in die lug te hou, om af te kyk, hoog te vlieg.”

104 En ek het weggedraai van daar af, ek het gedink: “Dis ’n jammerlike ding, maar ek ken iets meer jammerlik, om ’n kerk te sien wat homself die kerk van God noem, die kerk van Jesus Christus, ingehok in ’n hok, wanneer, eintlik, hulle die Bybel kan lees en uitvind hulle is nie gebore om hokhoenders in ’n stal te wees nie, hulle is veronderstel om arende te wees wat hulle vlerke kan stel in die Magtige Rukwind wat afkom. Hulle hoef nie te klap nie, hulle weet net hoe om hulle vlerke te hou en weg te vlieg na waar alle dinge moontlik is, na ’n plek wat hulle uitneem uit hierdie ingehokte plekke waar ons sit, ‘Dae van wonderwerke is verby, daar’s glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie, daar’s geen Heilige Gees nie.’” O, dis jammerlik! Wat kan jy doen?

105 Nou, Jesus het met hulle gepraat, Hy het vir hulle ’n paar tekens gegee, en omdat my tyd net omtrent verby is, wil ek graag verwys na sommige van daardie tekens. Kyk hier, Hy het gesê, net ’n vorige vers: “Soos die dae. . .Soos dit was in die dae van Jona, die profeet. . . ”

106 God het in alle geslagte tekens en wonders gehad, Hy het diensknegte gehad waarmee Hy gewerk het, partymaal net een. Het julle dit geweet? Hy het afgekom in die dae van Noag tot een. En Hy—Hy kom by ’n tipe, het ook so gesê in die koms in die Seun van die mens, sovoorts. Hy het afgegaan na ’n plek. . .maar Hy het altyd Sy dienskneg gehad. Nou luister aandagtig, binne die volgende paar minute nou. Ek dink, presies, ek het vyftien minute om betyds te wees.

107 Let op, altyd, wanneer God Sy diensknegte gestuur het en Sy gawes vir Sy diensknegte gestuur het, as daardie mense daardie gawes geglo het, was dit ’n goue jubileum vir die mense, maar as hulle daardie tekens en gawes verwerp het wat Hy hulle gegee het, het dit altyd in chaos geëindig (Nou, vra enige geestelike wat jy wil, of enige geskiedkundige, wat ek weet wat in ons teenwoordigheid sit, is sommige van die beste historici waarvan ek weet, ek het pas met hulle gepraat.), en dit is reg, hulle faal altyd, wanneer hulle nie God, en Sy gawes, Sy teken, herken nie. God het altyd. . .Waar God gaan, is daar altyd tekens en wonders. Al-. . .Hy het dit belowe. “Hierdie tekens sal,” nie

*miskien* nie, hulle *sal*. Uh-huh. Nou, dit was altyd, voorspel dit sou wees.

108 Nou let op, in. . .Hy het met hulle gepraat oor die dae van Jona. Hy het hulle verwyt omdat hulle nie Sy Messiaanse teken gesien het nie, maar die vrou by die put het dit herken, het sy nie? Sy het gesê. . .

Gesê: "Gaan, haal jou man."

Gesê: "Ek het nie een nie."

Gesê: "Dis reg. Jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie."

109 Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons weet wanneer die Messias kom, gaan hierdie die Messiaanse teken wees. Ons weet dit is, die Messias sal dit doen. Maar Wie is U?"

Jesus het gesê: "Ek is Hy."

110 En sy het in die stad ingehardloop, en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie? Is dit nie wat die Messias veronderstel is om te wees nie?" En die manne van die stad het in Jesus geglo as gevolg van die woord van die vrou. Sien julle dit?

111 Nou, Jesus het daardie dinge daar gedoen, en hulle het Hom geweier. So Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Jonas," Jona.

112 Almal het altyd met Jona gespot, ek gaan vir Jona opkom. Jona het baie meer krediet gehad as wat mense hom krediet gee. Baie van hulle sê: "O, hy's 'n ou afvallige."

113 Nee, hy was nie: "Die voetstappe van die regverdige word bepaal deur die Here," en Jona was 'n profeet. God het dit doelbewustelik gedoen, hom daardie skip na Tarsis laat neem in plaas van Ninevé. Het altyd jammer gevoel vir hom wanneer hy in die maag van daardie walvis was.

114 Julle weet party mense kyk altyd na hulle simptome, sê: "Kyk na my hand. Daar is vir my gebid, dis niks beter nie."

Dit sal nooit wees, soos daardie nie. Jy kyk nie na jou hand nie, jy kyk na 'n belofte. Sien?

115 Het gebid vir 'n seun hier 'n paar jaar gelede. Ou vader en moeder het my gekry om vir hom te bid, hy het swart witseerkeel gehad, en die hart, dit het so laag gegaan dat die kardiogram gewys het dat dit net gedaan was. En hulle het my laat aantrek soos 'n soort van 'n Ku Klux Klan, die dokter het, om my daar in te neem. Die dokter was Katoliek, en hy wou my nie laat ingaan nie, want ek is getroud en het kinders gehad, en ek het gesê: "Dokter, sal jy die priester daar laat ingaan om hom die laaste rituele te bedien?"

Hy het gesê: "Ja, maar jy's nie 'n priester nie." Gesê: "Priester sou nie kinders hê om na toe te gaan nie."

Ek het gesê: "Maar hy sit in 'n belydenishokkie."

Hy het gesê: "Gaan voort." En hy het my laat gaan.

116 So ek het daar ingegaan, en die ou vader en moeder het eenkant toe gegaan, en gesê: "Broer Branham, al wat ons wil hê jy moet doen, is om die woord te sê." Ek het daar ingegaan, en gebid, en hande op die baba gelê, ek, of, die seun, hy was omtrent twaalf jaar oud, ek het gesê: "Hemelse Vader, hierdie is 'n belofte, dit is wat U belowe het: ek lê nou hande op hierdie jongman, en ek vra vir sy lewe omdat U dit belowe het. Hierdie mense glo dit, en hulle het my gestuur om hiernatoe te kom. Dit is al wat ek weet om te doen, is om my hande op hom te lê, want U het gesê: 'Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.'" Ek het hande op hom gelê, weggestap, ek het gesê: "Nou, die Here seën julle."

En die vader het die moeder gegryp, en gesê: "O, skat, is dit nie wonderlik nie! Dis. . . " Die seun het nooit een gewys. . .?. . .

117 En die verpleegstertjie, na die vader en moeder, wat net huil, mekaar omhels, juig omdat die seun gesond was, sien, wel, die seun het glad nie verander nie, en daardie verpleegstertjie het gesê—gesê: "Wel, meneer, besef jy wat dit is?" Gesê: "Hoe kan jy so optree en jou kind wat sterf?"

Gesê: "My kind sterf nie, my kind lewe, dit gaan lewe.

118 Sy het gesê: "Wel," sy het gesê: "meneer, ek wil vir jou iets vertel." Gesê: "Sien jy daardie elektriese kardiogram ding?" Gesê, ek verstaan nie wat sy gesê het nie, maar het gesê: "Toe daardie hand," of wat dit ook al was: "die hele pad afgegaan het tot *hier*, was dit nooit in die mediese geskiedenis bekend om ooit weer terug te kom nie." Gesê: "Die seun is sterwend." Gesê: "Sy hart klop nou net *soveel* keer, per minuut," gesê: "dit sal nooit weer terugkom nie. En behalwe dat die siekte hom in so 'n toestand het, en dis—dis so gevorderd dat daar niks gedoen kan word nie, die seun is sterwend."

119 En ek sal nooit daardie dapper, ou vader vergeet nie, hy het daardie verpleegstertjie geneem en sy arm om haar gesit, sy was net 'n kind, en hy het gesê: "Kyk, dame," gesê: "ek blameer jou nie, jy's—jy's. . . jy studeer om daardie grafiek dop te hou." Gesê: "Dis al, dis wat jy weet. Jy het studeer en is vertel deur die geskiedenis en deur jou dokters, en alles, wat. . . " Gesê: "Jy kyk na daardie grafiek, dis al waarvan jy weet," maar gesê: "ek kyk na 'n belofte."

120 Weet julle wie daardie seun is? Is Bob Bosworth in Suid-Afrika vanaand, wat die Evangelie verkondig, 'n getroude man met 'n familie. Dis reg. Hoekom? Dit hang af waarna jy kyk. Sien? Jy kyk na God, kyk na Sy belofte.

121 Nou, as . . . Ek het altyd gedink iemand wat 'n goeie saak van simptome en 'n reg gehad het, dit Jona was. Nou, hy was in die maag van die walvis op 'n stormagtige see, hande en voete agter hom vasgemaak, gelê in die walvis se maag vol braaksel. Nou, as hy na *hierdie* kant toe gekyk het, was dit walvismaag, na *daardie* kant toe was dit walvismaag, *daardie* kant toe was dit walvismaag, oral waar hy gekyk het, was dit walvismaag. Nou, ek dink nie daar's enigiemand hier wat in so 'n slegte toestand is nie. Sien? Hulle—hulle is net in 'n . . . Dis—dis 'n verskriklike toestand om in te wees.

122 Maar weet julle wat hy gesê het? Hy het gesê: "Hulle is valse nietighede, ek sal nie na hulle kyk nie." Maar hy het gesê: "Nog een keer sal ek kyk na U heilige tempel."

123 Toe Salomo die tempel toegewy het, het hy gebid, toe daardie Vuurkolom ingekom het, die rook Daaragter, en afgegaan het agter die heiligdom, hy die tempel toegewy, en gesê: "Here, as U kinders iewers in die moeilikheid is, en sal kyk na hierdie heilige tempel, en bid, hoor dan uit die Hemel." En hy het geglo dit sou reg wees, want Salomo was 'n dienskneg van God. En hy het gebid, en wat het God gedoen? Nou, ek kon julle nie wetenskaplik sê nie, Hy mag 'n suurstoftenk daaronder gesit het, ek weet nie wat Hy gedoen het nie. Maar Hy het daardie profeet lewendig gehou vir drie dae en nagte in die maag van daardie walvis. Is dit reg?

124 Wel nou, as Hy dit sal doen onder *daardie* omstandighede, dat 'n geloof in 'n—'n man wat uiteindelik teruggeval het, Salomo het, sy vroue het hom weggetrek van God, as hy soveel vertroue gehad het in Salomo se gebed, in daardie soort toestand, onder daardie omstandighede, hoeveel te meer behoort ons vanaand, onder *hierdie* omstandighede, weg te kyk van ons simptome, na die regterhand van God, waar Jesus staan met Sy Eie Bloed, wat voorspraak maak vir ons belydenis?

125 "Nog een keer, Here, kyk na U heilige tempel, waar die lewende herrese Seun van God staan met Sy Eie bloederige klere voor God om voorspraak te maak, pleit vir ons as 'n Hoëpriester vir wat ons bely dat Hy gedoen het." Goeiste, kyk wat God gedoen het.

126 Ek het 'n storietjie gelees nie lank gelede nie, ek mag dit hier indruk as julle nie omgee nie. Let op, julle weet, al die mense van Ninevé, dit was 'n groot stad, net amper die grootte van St. Louis hierbo, goed, ons weet dat hulle soontoe gegaan het, en hulle almal weg was van God, en hulle heidene was, en hulle afgode aanbid het. En hulle beroep daar langs die see, natuurlik, was vissermanne. Al die manne het vroeg in die oggend uitgegaan, duisende bote uit op die see, en hulle het vis getrek. Dit was 'n groot invoer, en hulle het vis uitgevoer, en dinge, vir 'n lewe.

127 En nou, die god van die see was ’n walvis. En dink net aan al die manne daarbuite op—op, daarbuite in hulle vissersbote, daarbuite wat visvang, en al die vroue en kinders wat op die oewer staan en wag vir manlief om in te kom, die vis te bring, en die vangs, ensovoorts. En die eerste ding waarvan jy weet, staan die god van die see op, die walvis, kom op na die oewer, lek sy tong uit vir ’n loopplank, en die profeet het reguit by sy mond uitgestap gekom. Sekerlik. Geen wonder hulle het bekeer nie. Ja, meneer. Sekerlik. Hulle het bekeer omdat die god ’n profeet gebring het, en hulle het na sy woorde geluister, want hy het bonatuurlik soontoe gekom.

128 En let op, Jesus het gesê, dat ’n slegte en ’n owerspelige geslag soek na tekens. Het Hy dit gesê? Net hier is dit, lees hierdie vers: “’n Slegte en owerspelige geslag soek na tekens, en hulle sal geen teken ontvang nie, behalwe soos die profeet Jona drie dae en nagte in die maag van die walvis was, moet die Seun van die mens drie dae en nagte in die hart van die aarde wees.” Nou, wat was die teken wat ’n slegte en owerspelige geslag sou ontvang? Die teken van die opstanding.

129 Wel nou, sê my, wanneer het ons ooit ’n slegter en ’n meer owerspelige geslag gehad? Wanneer perverse mense wat hier in Kalifornië is twintig tot dertig persent elke jaar toeneem! Wanneer hulle in ons eie regering aanspraak maak dat vyf-en-dertig of veertig persent homoseksuele is! “Soos dit was in Sodom. . . ” Sê my wanneer ons ooit meer goddeloses gehad het, wel, mense doen dinge wat die ou mense nooit aan gedink het om te doen nie, die wrede straf.

130 Goddeloos, ongelowige, onwedergebore, elke bose verbeelding in ’n man se hart, soos dit was in die dae van Noag, dis die geslag waarvan Hy gepraat het. Watter soort teken sal ’n slegte en ’n owerspelige geslag ontvang? Die teken van die herrese Jesus, die teken van die opstanding, hulle sou dit ontvang. Nou, Hy sê so net hier in die Skrifte.

131 Nou, dan gaan Hy af na die slotteks, “En soos dit was in die dae van Salomo, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens. Want in die dae van Salomo het die koningin van die suide gekom van die uiterste dele van die bekende wêreld om die wysheid van Salomo te hoor.”

132 Nou, laat ons Salomo in sy eeu neem, net vir ’n oomblik. Salomo was ’n groot man van God, vir wie God ’n gawe gegee het. Sy gawe was onderskeiding. Hoeveel weet dit? Sekerlik, dit was. Goed. En kyk na die hele Israel. Hoeveel Bybelleraars hier weet dat dit Israel se goue eeu was? Sekerlik, dit was. Hulle het die tempel gebou, hulle het groter dinge gedoen, daar was geen oorloë of niks nie. Wel sekerlik. Hoekom? Hulle was almal eendragtig, God geprys vir wat vir hulle gedoen is, elkeen van

hulle het daardie groot gawe ondersteun. En Israel was in vrede met die res van die nasies.

133 Laat ek 'n oomblik hier stop. As Amerika sy wetenskap sou neem en navorsing probeer vind om kanker te genees, of iets wat iemand sou help, in plaas van om te probeer, of, hier sal ek dit verander: As Amerika sou draai na sy gawe van God, en God se gawe sou ontvang wat nou in die nasie is, sou hulle nie bomskuilings en dinge moes bou om hulleself te beskerm nie, die hele wêreld sou hierdie nasie vrees. Daar's net een wapen teen kommunisme, en dis Christus. Christus is wat kommunisme vrees.

134 Ek het daar gestaan in Rusland, of, nie in Rusland nie, maar in Finland, toe die seuntjie, julle het dit in die tydskrifte gelees, en dinge, toe daardie seuntjie uit die dood opgewek is. En daar, wanneer jy in Rusland is, wanneer jy veertig myl van die plek af is waar jy gebore is, moet jy 'n visum hê om te wys dat jy 'n rede het om veertig myl te wees van waar jy gebore is. En toe dit uitgegaan het oor daardie radio daardie dag dat daardie seuntjie opgewek is uit die dood, van daar gelê het. . .

135 Baie van julle mense wat net hier sit wat dit in julle Bybel geskryf het twee jaar voor dit gebeur het toe ek julle vertel het, hoeveel wat hierbinne is wat vir my gesê het hulle het gehoor, en ek—ek het julle gesê om in julle Bybel te skryf dat daar 'n opstanding van 'n klein seuntjie sou wees, dat ek deur die weste sou gaan, en dit alles? Hoeveel is hier wat daardie storie onthou? Steek julle hand op. Kyk daar. Sien? Oral oor die gebou. Twee jaar voor dit gebeur het. Daar het die klein seuntjie, was dit nie net presies soos dit gesê het dit sou wees nie? Sekerlik. God altyd, Hy doen dit net op die regte manier.

136 Nou, net soos Hy sê dit gaan wees, dis hoe dit gaan wees. Dis waarom Sy Woord, Sy tyd, en alles gaan wees net presies soos Hy dit gesê het. Maak nie saak wie dit nie glo nie, dit gaan so wees, in elk geval. Sien?

137 So toe ek gekom het by—by die Messuhalli daardie aand, het hulle omtrent dertigduisend ingesit, hulle dan laat uitgaan, en nog dertigduisend sou inkom vir my om mee te praat. En toe, toe ek in die straat afgekom het, hier's daardie Finse soldate wat nog nooit geskeer het nie, net seuns, omtrent ses, sewe voor, en ses, sewe aan die agterkant. En daar het daardie kommuniste gestaan, Russiese soldate, wat daar gestaan het met daardie Russiese saluut toe ek verbygegaan het, met trane wat teen hulle wange afloop, daardie Finse soldate gegryp en hulle omhels het. Enigiets wat 'n Fin 'n Rus sal laat omhels, en 'n Rus 'n Fin laat omhels, sal oorloë verander en hulle vir altyd afhandel. Hulle het gesê: "Ons sal 'n God soos hierdie ontvang, 'n God wat krag het, 'n God wat Homself God kan wys!"

138 Wat dit is, ons kerke wat dit net gebotteleer het in 'n losie. Dis meer as 'n losie, dis die doop in die—die Liggaam van die lewende, herrese Jesus Christus met krag en tekens en wonders. Dis die Evangelie, dis Christus, dis God.

139 Kyk na hom, sekerlik, Salomo, almal het om hom ondersteun, almal sou sê: "O," almal eendragtig, hulle het gesê: "o, kom, kyk na die groot gawe wat ons God gegee het. Kom, kyk na die groot gawe wat ons God gegee het."

140 Toe God ons die Gawe van die Heilige Gees gegee het, is dit ons Gawe, die Heilige Gees, God het vir ons die Heilige Gees gestuur, wat doen ons? Lag Daarvoor, noem hulle holy-rollers, jaag hulle weg op die hoek, sê vir hulle hulle is kranksinnig, hulle is van hulle verstand af, hulle kom nie van ons skole af nie, hulle is niks anders as 'n klomp tale mense nie. Dis waarom ons oordeel kry.

141 Wat het hulle gedoen op die Dag van Pinkster? Wat het daardie Jode gedoen? Gelag en dit bespot. Wat het hulle 'n paar jaar later gedoen? Titus het die poorte beleër, en hulle reg daarin doodgemaak, totdat die bloed by die poorte uitgeloop het, en die plek omgekeer, die tempel afgebreek, is verstrooi van toe af. Reg.

142 Ons sal dieselfde kry. Julle het die Gawe van God geweier, die Heilige Gees, julle het 'n handdruk, of 'n brief van 'n ander kerk Sy plek laat inneem. Die Heilige Gees is nie 'n handdruk nie, Dit is ook nie 'n brief nie, Dis 'n gawe van God met krag van Bo om aan die mense te demonstreer. Dis die Gees van God wat in ons woon, wat Dit maak, en Dit wys, en bewys aan die mense deur tekens en wonders dat Dit God is. Halleluja!

143 Ek weet julle sal my 'n holy-roller noem hierna, maar, miskien is ek een. Ek voel baie godsdienstig nou, in elk geval.

144 Let op, God, demonstrasies, kragte, wat Homself bewys dat Hy God is. Dis Skrif, julle kan dit nie ontken, dat dit die waarheid is nie, gawes van onderskeiding.

145 Nou, al die. . .Dink net die mense wat verbygaan sou sê: "O, julle behoort na ons volk toe te kom, ons groot, magtige God te sien. Wel, Hy—Hy werk onder ons mense. Hy—Hy doen groot tekens en wonders. Ons het 'n koning wat Salomo genoem word, julle behoort die groot onderskeiding te sien wat die man het. Wel, dis—dis meer as waaraan jy kan dink."

146 Wel, julle weet, geloof kom deur die gehoor, nie waar nie? Die Woord van God te hoor. So, die nuus het oor die hele wêreld versprei, daar is oral hiervan gehoor. En hulle het almal begin vrees, omdat, nie Salomo gevrees nie, maar God gevrees, omdat die lewende God gewys het.

147 Uiteindelik, het die nuus ver onder in Skeba gekom, ver onder, omtrent, honderde myl ondertoe, omtrent driehonderd myl suidwaarts, ver onder, oor die Sahara Woestyn. Meet dit op

jou kaart en kyk hoe ver dit was. Nou, hulle het nie televisie gehad in daardie dae, en radio, en koerante, en telefone nie, hulle, net versprei deur—van lip tot oor, en karavane sou deurkom en die nuus bring.

148 En almal wat afkom in Skeba sou vir die klein Koninginnetjie sê: "Sê, jy moet opgaan na—op na Palestina, jy weet hulle het 'n God daarbo wat daardie mense so geseën het, hulle is almal eendragtig. Daar's glad nie enige wrywing onder hulle nie, en hulle het 'n broer daarbo, hulle noem hom Salomo, hulle het hom die koning gemaak. En hulle sê vir my dat God hom net gebruik vir alles wat hulle het waaraan hulle behoefte het, hy is net in staat om hulle te vertel."

149 Julle weet, en geloof kom deur wat? Die gehoor van die Woord. "En salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid, hulle sal gevul word."

150 So, die klein koninginnetjie het begin honger, sy het gedink: "Jy weet, ek sal dit moet gaan sien." Nou, julle onthou, sy het baie aansien, julle weet, omdat sy die Koningin is. So ek veronderstel sy het gesê: "Voor ek dit nou doen, beter ek ons pastoor gaan vra of ek kan gaan of nie," julle sien: "want ek moet toestemming kry van my denominasie, want dis 'n ander denominasie." Sien? "So ek beter my pastoor gaan vra of ek kan gaan, my priester."

151 So ek kan haar sien oorstap, en 'n klein wag saam met haar, sy het gesê: "Heilige vader, mag ek die toestemming van jou kry, van hierdie groot, heilige kerk wat ons hier in Skeba het, mag ek die toestemming van julle kry, hulle het 'n herlewing bo in Palestina, mag ek maar daardie herlewing bywoon?"

152 "Onsin, my dogter. Nou, as daar so-iets soos daardie was, ek het ook daardie onsin gehoor, daar's niks daaraan nie, dis net 'n klomp holy-rollers, daar's—daar's niks daaraan nie, maar kyk, as daar enige krag in enige god was, sou dit in ons god net hier wees. Dit sou na ons organisasie toe kom, dit sou ons s'n wees, as daar enigiets daaraan is. Sien?"

153 O broer, jy weet, die duiwel vat sy man, maar nooit sy gees nie. Dis reg. God vat Syne, ook, maar nooit Sy Gees nie. Hy het Elía gevat, maar sy Gees het op Elisa gekom, toe uitgekom op Johannes die Doper. En Hy het Sy Seun, Jesus, gevat, maar die Heilige Gees het teruggekom in die Kerk om dieselfde werke te doen. "Die, Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Sien, gaan net voort. En die duiwel vat sy man, maar nooit die gees nie. Daardie twee geeste veg steeds met mekaar, die heeltyd.

Nou, gesê: "Nee, jy kan nie gaan nie."

154 "Wel," het sy gesê: "luister, jy weet, daar's *iets* onder in my hart." Julle weet daar's iets daaraan, wanneer God 'n houvas op 'n menslike hart kry, Hy . . . doen snaakse dinge. Ja. Gesê: "Maar weet jy wat, ek het gehad, heilige vader, ek het, of—of, liewe

Biskop, Algemene Opsiener, ek het so ’n groot begeerte gehad om te gaan. Ek het altyd van daardie dienste gehoor, en ek wil graag gaan.”

155 “Nou, kyk kind, ons sal jou net uit die boek uit ekskommunikeer.” Sien? “Ons sal jou net, jou naam reg van hierdie organisasie afhaal as jy gaan.”

156 “Wel,” het sy gesê: “maar kyk, ek wil sê: ek sal geen kwaad doen nie, ek sal reguit terugkom hiernatoe, natuurlik, sodra die herlewing verby is, net na ek gegaan het.”

157 “Maar jy kan nie gaan nie, ek het daardie verklaring gemaak, en dit is wat die res van hulle sê, en dis waarby ons moet staan. Nou, as daar enigiets soos daardie aangaan, sou dit net hier by ons wees.”

158 Ek kan daardie Koninginnetjie sien, God wat op haar hart beweeg, sy het opgestaan, gesê: “Ek wil jou iets vertel!” Um-hum! Ons het meer van hulle nodig. “Ek was in hierdie ding vir jare en jare, my ma was daarin, my ouma was daarin, en al wat ek gesien het, is ’n klomp koerante, ’n klomp geskrifte, en gepraat van een of ander god, maar ek het glad nie enige soort beweging van enige gesien nie. Ek wil nie hierdie dooie dinge hê nie, hulle sê vir my hulle het Een daarbo wat lewe, wat in Sy mense lewe, en dis wat ek wil sien.” Amen.

159 God gee ons nog ’n paar Koninginne van Skeba in Long Beach. “Ek wil iets sien wat Lewe daarin het. Ek wil iets sien wat...Ek het al die Boekrolle gelees van die ou...van hulle Boeke daarbo, en hulle sê vir my dat daardie God ’n God is wat die geheime van die hart ken. En hulle sê vir my dat daardie man, Salomo, daarbo, die pastoor, net in staat is om hierdie dinge te doen en dis wonderlik. En ek gaan om dit te sien.”

“As jy dit doen, sal ek jou net reg van die boek afhaal.”

160 “Wel, jy kan my net sowel nou afhaal, want ek gaan.” Ek hou daarvan, um-hum. “Ek gaan, in elk geval.” Wel nou, let op, toe sy het, wat dit haar gekos het.

161 Julle weet, dis nie goedkoop om na Christus toe te kom nie. Dis wat fout is met julle Amerikaanse mense vandag, ons Amerikaanse mense, alles is so maklik, geen lyding, geen niks nie. Ons het geen oorlog gehad nie, so ons kan net so vieslik optree as wat ons wil.

162 Ek het in Switserland ingegaan, en julle kan hulle die klokke hoor lui, julle sou dink die Millennium was aan. Dis reg. Maar wat doen hulle? Hulle glo nie eens dat Jesus maagdelik gebore is nie, hulle het die ou Zwingli doktrine gekry, glo dat Hy die seun van Josef was. Maar hulle lui daardie klokke totdat ek—ek—ek gedink het die Millennium het begin. My wakker gemaak een Sondagoggend, en ek het nie geweet wat gebeur het nie, omtrent ’n uur-en-’n-half.

163 En daar het omtrent tagtig of negentig glasdakbusse van Duitsland af gekom. Julle weet, Switserland het nie enige oorloë nie, hulle hoef nie bekommerd te wees oor enigiets nie, hulle is net so vieslik en onafhanklik as wat Amerikaners is. En jy kom reg daar deur, en die eerste ding waarvan jy weet, kom af na—na, Duitsland het gekom. En toe ons na die diens toe gegaan het daardie aand, Broer Arganbright wat hier sit, hy was net daar. Wat was dit wat die Heilige Gees geroep het? Elkeen was 'n Duitser, Hy het die Switsers net daar laat sit, met al hulle klokke, ensovoorts. Sien?

164 Dit kos lyding. Jy moet grawe. O, goeiste, as julle net geweet het! Dis nie maklik nie, enigiets wat vir jou oorhandig word op 'n skottel, geniet jy nie, sekerlik, jy kan nie waardeer wat vir jou gegee word nie.

165 God het vir Moses gesê, Hy het gesê: "Ek gee jou Palestina, ek het al die huise uitgevee, en die gordyne opgehang, gaan julle almal net reguit soontoe en woon daar." Dit so sou gewees het, sou hulle dit nooit geniet het nie. Hy het gesê: "Ek sal dit vir jou gee, dis vol reuse, jy sal elke duim van die pad moet veg, maar elke plek waar die sole van jou voete trap, besit jy. Gaan, neem dit in, sekerlik, soos Ek met jou sal wees."

166 Dis hoe Goddelike genesing is, dis hoe die Heilige Gees is, alles wat jy agter jou kan laat, sy voetspore is besitting, hou aan loop, hou aan. Dis die manier. Beweeg jy net jou vinger, dit glad nie kon beweeg nie, beweeg jy *sover* vandag, beweeg dit *soveel* verder môre, en *soveel* verder die volgende dag, hou net aan beweeg, beweeg, beweeg, beweeg. Voetstappe is besitting.

167 Let op, vinnig nou, daardie meisie het baie gehad om te trotseer. Wat moes sy nou doen? Sy het gesê: "Jy weet," sy het 'n goeie redelike ding gehad, sy het gesê: "weet jy wat ek gaan doen?" Sy het gesê: "Ek gaan 'n bietjie geld saam met my neem. As dit—as dit die waarheid is, as dit is, gaan ek dit ondersteun, maar as dit nie is nie, sal ek dit reguit terugbring."

168 O broer, kan dit nie Amerikaners iets leer nie? Ja, meneer. Ondersteun dinge wat vir jou lag en bespot. Dis reg. Programme wat lag en jou holy-roller noem, en tog ondersteun jy dit met jou geld, en jou eie sendeling is daar oorkant, lewe van twee bordjies vol rys per week, met geen skoene aan hulle voete nie. Skaam julle!

169 Sit julle geld in iets wat God daarin het en bevorder dit. Nie omdat dit alles mooi lyk, en sesmiljoen-dollar geboue daaragter, en sulke dinge, met teologie en hulle sendelinge neem en hulle 'n sielkundige ondersoek gee deur 'n wêreldse sielkundige om te sien of hulle genoeg verstandelike vermoë het om 'n sendeling te wees, nie. God is die Een om dit te beoordeel met die Heilige Gees. Ja, meneer. Ons het nie daardie goed nodig nie, ons het God nodig. Let dan op, hoe ver kan mense gaan? Ons dwaal net af.

170 Nou, die klein koninginnetjie, sy het gesê: “Ek sal, as dit nie reg is nie, sal ek die geld terugbring.” So sy het allerhande soorte juwele gelaai, en wierook, en alles.

171 Nou, kyk, nog ’n ding, wat as sy sou gedink het. . .Met al hierdie geld waarmee sy die Sahara Woestyn moes oorsteek, en julle weet, Ismael se kinders is daarbuite, hulle was almal rowers. Wat as hulle daardie karavaantjie van haar oorrompel het, net ’n paar hofdienaars, en ’n paar meisies saam met haar, wat sou gebeur het? Wel, hulle sou haar binne ’n oomblik beroof en al die geld gevat het. Maar jy weet, as—as God tot jou hart roep, ken jy geen vrees nie, gaan jy net aan, jy gee nie om wat enigiemand anders sê, of enigiets anders nie, jy bly beweeg wanneer jy honger en dors na geregtigheid.

172 Onthou, ook, geen wonder Jesus het gesê sy sou staan in die laaste dae, en hierdie geslag veroordeel nie. Weet julle hoe lank dit haar geneem het om daar oor te gaan? Neem drie maande, negentig dae. En sy was ook nie in ’n lugversorgde Cadillac nie, nee, nee, sy het oorgegaan op die rug van ’n kameel om die wysheid van Salomo te hoor, en Jesus het gesê: “Meer as Salomo is hier.” En dieselfde ding hier: Die Heilige Gees is hier, en mense sal nie eens die straat oorsteek om Dit te hoor nie. Dis reg. Meer as Salomo is hier.”

173 Sy het na die plek toe gekom, kyk toe sy oorgegaan het, en sy het uitgegaan en by die howe van Salomo gekom. Nou, ek verbeel my. . .Kan julle julle voorstel (ek gaan haar ’n Amerikaanse burger maak.), sy kom in: “Ek sal soontoe gaan en gaan sit, en dan net ’n paar minute na daardie holy-roller luister, want die buurman hier oorkant, my bediende het vir my gesê ek moet gaan, as hy nie die regte ding, net presies sê nie, sal ek reguit opstaan en uitstap”? O, goeiste! “Hy sal óf sê wat ek glo hy behoort te sê, óf ek sal glad nie na hom luister nie.”

174 Dis waar ons vanaand staan. Dis reg. “As hy een ding sê wat my pastoor gesê het verkeerd was, sal ek net reguit opstaan en uitstap.” Sien? Nou, julle sal ook saam met haar staan, in die Oordeelsdag, en dan sal julle saam geoordeel word. Sien? “Want meer as Salomo is hier,” die Heilige Gees is hier. Sien?

175 En sy het negentig dae op die rug van ’n kameel deur die warm, brandende sand gekom om die wysheid van Salomo te hoor. Sy het nie net gekom om in te gaan, te sê: “Ek sal ingaan en ek sal uitvind, en as ek net nie daarvan hou nie, sal ek opstaan en uitgaan,” nie. Nee, sy het vir haar ’n kamp gebou reg buite in die howe, sy het gesê: “Ek gaan bly tot ek oortuig is. Ek gaan die Skrifte neem en ek gaan uitvind,” sy het Hulle alreeds deurgelees, wat God veronderstel was om te wees: “en ek gaan kyk of dit reg is.”

176 So ek verbeel my die volgende oggend het sy haarself reggemaak, en haar diensmeisies, en sy het na die kerk toe

gegaan, en sy het haar sitplek ingeneem, en gaan sit. Naderhand het die trompette gespeel, die gesange is gesing, en Pastoor Salomo het uitgestap gekom, uitgestap. En voor jy jou kom kry, het hulle miskien die—die ry begin, miskien het hulle 'n nommer gehad, 'n kaart, ek weet nie hoe hulle dit gedoen het nie. Die eerste een wat opgekom het, klein Koninginnetjie sê: "Nou, ek gaan nou kyk. Ek gaan net dophou en kyk of dit reg is of nie, kyk of dit regtig onderskeiding is."

177 Hier kom 'n klein mensie op, miskien was dit 'n man. En voor jy jou kom kry, het sy gesien dat Salomo net 'n man was, so sy het gesê: "Nou, gaan ek kyk waar daardie God is. Ek sien daar's 'n man, maar ek wil weet waar daardie Bonatuurlike God is." So, sy het daardie man dopgehou: "Ja, hy loop soos 'n man, praat soos 'n man, lyk soos 'n man, hy's 'n man, dis al. Maar nou, waar kom daardie Bonatuurlike vandaan?"

178 So, toe hierdie man daar gestaan het, die eerste ding waarvan jy weet, het die gees van onderskeiding op Salomo gekom, en hy het hom die geheime van sy hart vertel. Ek kan my voorstel die klein Koninginnetjie se hart begin vinnig klop. Die volgende een, dieselfde ding; volgende een, dieselfde ding; volgende een, dieselfde ding.

179 Sy het miskien daardie aand huis toe gegaan, en buite in haar tent gebid. Die volgende dag wat sy teruggekom het, het sy weer gesit, sy het gesê: "Ek glo ek sal 'n gebedskaartjie kry," so sy, of iets, wat dit ook al was: "ek sal opgaan." So toe, het hulle. . . Uiteindelik, het haar—haar nommer gekom.

180 Nou, ons kan 'n lang tyd daarop bly, maar om tyd te bespaar, gaan ons afsluit. Want haar tyd het aangebreek, en toe sy uiteindelik voor Salomo opgekom het, het die Bybel gesê dat daar niks versteek was vir Salomo wat sy wou weet nie. God het dit net uitgestort op Salomo, en vir haar elke geheim vertel wat sy wou weet. Is dit nie wonderlik nie? Weet julle wat sy gesê het? Sy het gestaan. Nou, sy het nie teruggegaan, en gesê nie: "Ek glo dis verstandstelepatie. Ek—ek glo dis. . . " Nee, nee. Sy het gestaan, en sy het gesê: "Alles wat ek gehoor het, was wonderlik, maar dis groter as wat ek gedink het dit was. Dis groter omdat dit op my gewerk het." Amen.

181 Jesus het gesê: "Sy sal staan in die laaste dae saam met hierdie geslag en dit veroordeel, want sy het gekom van die uiterstes van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor." Wat was dit? Sy het iets gesien wat eg was. Die wêreld lewe vandag vir iets wat eg is. Dink julle nie so nie? Hulle wil iets hê wat 'n fondament het.

182 Nie lank gelede nie, ek. . .En ek sal afsluit met hierdie storietjie wat ek nou gereed maak om julle te vertel. Ek het altyd in die noordelike woude gejag. Hoe lief ek is om te jag! En ek het gejag saam met 'n kêrel met die naam van Call, baie goeie man,

maar hy was die wreedste man wat ek ooit gesien het wanneer dit kom by wreedaardigheid. Hy sou klein takbokkies skiet net om my baie sleg te laat voel daaroor. En ek sou sê: "Moet dit nie doen nie, Buddy, moet dit nie doen nie."

Hy sê: "Ag, Prediker, ruk jou reg, jy is lafhartig. Dis wat fout is met julle predikers."

183 Ek het gesê: "Nee." Ek het gesê: "Ek glo nie dis verkeerd om 'n klein takbokkie te skiet as," ek was 'n wildbewaarder vir jare, en ek het gesê: "as die wet sê jy kan 'n klein takbokkie skiet, maar moet dit nie net doen om wreed te wees nie. Abraham het 'n koei doodgemaak, 'n kalf en dit vir God gevoer. Dis in die haak om 'n klein takbokkie dood te maak as die wet so sê, maar net nie agt of tien van hulle doodmaak net om 'n man wr-. . . , uh, sleg te laat voel nie."

184 En hy het oë gehad net soos 'n akkedis, in elk geval, hy, en hy—hy het altyd. . .Ek het dit nie so bedoel nie, hy was net 'n kêrel wat soort van vreemd gelyk het, en—en hy wou my net altyd baie sleg laat voel, so hy het vir my gesê. . .Eendag was hy daarbo, ek het opgegaan om saam met hom te jag, hy het 'n fluitjie gehad. Hy het met hierdie fluitjie geoefen, hy kon dit blaas en klink soos 'n klein baba takbokkie wat huil vir sy mamma (Julle weet, wat 'n klein takbokkie is, die kleintjie.), en dit sy mamma roep. Ek het gesê: "Bert, jy sal nie so-iets soos daardie doen nie, sal jy?"

Hy het gesê: "Ag, Billy," gesê: "ruk jou reg. Dis hoe julle predikers is, julle is te lafhartig."

Ek het gesê: "Nee, nee, Bert. Dis—dis nie reg nie," het ek gesê: "moet dit nie doen nie."

185 Wel, hy was 'n goeie jagter, jy hoef nooit na hom te gesoek het nie, hy het geweet waar hy was. En so, sou ons uitgaan, en ons het 'n wonderlike tyd saam gehad. Hy was 'n goeie, o, hy's 'n dodelike skut. En so, het ons—ons gejag een oggend. Ons sou altyd 'n bietjie warm sjokolade in 'n termosfles sit *hier* agter, en dit was omtrent ses duim sneeu op die grond, goeie spoorsnyweer. En ons het opgegaan deur die Kloof en oor op die Presidensiële reeks. Dit het omtrent elfuur in die dag geword, en dit was ver in die seisoen.

186 En wanneer daardie wit-stert takbokke, jy praat van Houdini as 'n ontsnapkunstenaar, jy behoort een van hulle te sien. So, hulle—hulle kan regtig wegkruip. En so, die bosse is ruig, en hulle kan onder die bosse ingaan, en alles, en deur die dag wegkruip, en dan in die nag wei. So, dan sal hulle nie uitkom, tensy jy hulle net uitjaag nie.

187 So, Bert het gestop in die oopte, omtrent, o miskien, groot soos die hoofvloer van hierdie ouditorium, hy het omtrent elfuur gestop, en agter in sy jas begin voel, en ek het gedink: "Wel, tyd dat ons net 'n toebroodjie kry, en ons sal skei, en hy eenkant toe gaan, en ek na 'n ander kant toe." Ons het geloop vir omtrent

drie of vier uur, en reg teen die berg op, dan sou hy afgaan na die ander kant, en ek sou na die ander kant toe kom, en ons sou ontmoet een of ander tyd daardie aand by ons—by ons gewone, opslaankamp.

188 So ek het hom sien uitreik, en ek het gedink hy wil sy warm sjokolade kry, en toe hy uitgekom het, het hy hierdie fluitjie gehad. En ek het gesê: "Bert, jy sal nie daardie ding blaas nie."

189 Hy het gesê, na my gekyk met daardie akkedis-agtige oë, hy het gesê. . .En hy het dit in sy mond gesit soos *hierdie*, en geblaas. Dit het geklink net soos 'n klein takbokkie wat huil vir sy mamma. En ek het nooit. . .Ek het nie gedink dit sou werk nie.

190 So net omtrent daardie tyd, net oorkant die oopte, het 'n yslike groot, moeder-ooi opgestaan; sy was 'n pragtige ding. En sy was naby genoeg dat ek net haar groot, bruin oë kon sien. En—en ek het na hom gekyk, hy het opgekyk na my en asof geglimlaggend. Ek het gesê: "Bert, jy sal nie daardie moeder doodmaak nie, sal jy?" En hy het na my gekyk soos *daardie*, en hy het gebuk en dit weer geblaas.

191 Nou, gewoonlik, dis ongewoon vir 'n takbok om dit te doen. En toe hy dit weer geblaas het, het daardie moeder reguit uitgestap in daardie oopte. Nou, dis vreemd, hulle sal dit nie doen nie, selfs kwalik op enige tyd, veral jagseisoen, nadat die gewere geskiet het, en dinge. Maar sy het uitgestap in daardie oopte. Wat was dit? Sy was nie 'n skynheilige nie, sy was 'n moeder. Daar was iets in haar wat eg was, dit was 'n moeder. 'n Baba was in die moeilikheid, en sy wou uitvind waar haar baba was. Het nie enige verskil gemaak hoeveel gevaar dit was nie, die gevaar het nie eens in haar gedagte opgekom nie.

192 Ek kan daardie groot ore nou sien, wat net *so* regopstaan, daardie mond wat kou soos *daardie*, daardie groot bruin oë wat rondkyk. Hy het opgekyk na my soos daardie, en opgetrek, ons het nooit lading gedra in ons gewere nie, en so het hy getrek, daardie slot toegeskuif op 'n .30-06, 180 grein koeël, sampioen, hy het aangelê soos *daardie*, en ek het gedink: "O, goeiste!" Ek het gedink: "Bert, hoe kan jy dit doen?" Ek het gesê: "Daardie kosbare moeder wat soek na haar baba!" En ek. . .

193 Hy—hy het net soort van geglimlag, en aangelê, net 'n dodelike skut. Ek het geweet, man, binne 'n sekonde of twee sou hy daardie kosbare, getroue hart reg uit haar uitblaas, want hy was 'n goeie skut. Ek het gedink: "Hoe kan hy so boos wees? En daardie moeder wat daardie vertoning van ware moederlike liefde gee!" Haar baba was in die moeilikheid, sy het nie omgegee daarvoor nie.

194 En toe die slot toegeskuif het, en die geweer opgelig het, het die takbok die jagter gesien, sy het gekyk, en sy het gespook. *Spook* beteken, net "gespring," julle weet, net vir 'n oomblik.

En sy het na die jagter gekyk, maar sy het daardie baba gehoor, en sy het geweet dat haar dood net op haar was. Maar het sy gehardloop? Nee, meneer. Sy het gekyk om te sien waar daardie baba was, eers. "O," het ek gedink: "sulke getrouheid, so getrou! En daardie kosbare, getroue hart, Bert, gaan jy dit uit daardie moeder uitblaas, soos daardie?"

Hy, ek het hom sien aanlê soos *hierdie*, en ek het gedink: "Ek kan net—ek kan net nie daarna kyk nie."

195 Ek het my rug gedraai, en ek het gedink, ek het gesê: "Hemelse Vader, hoe kan hy so boos wees, en tog so 'n gawe man wees op een manier, en so wreed in sy hart wees om daardie kosbare moeder se hart reg uit haar uit te blaas, daardie getroue hart wat daar klop vir daardie baba? Hoe, waarom—waarom kon hy so-iets doen?"

196 En ek het opgelet, die geweer het nie gevuur nie, en ek het gewag, en ek het gewag, ek het gedink: "Hoekom het dit nie gevuur nie?" Ek het omgekyk, en die geweerloop het *so* gegaan.

197 En hy het omgekyk na my, en daardie oë het verander, yslike groot trane het uit syne geloop, teen sy wange af. Hy het die geweer op die grond gegooi, en my aan die broekspyp gegryp, hy het gesê: "Billy, ek het genoeg daarvan gehad." Hy het gesê: "Lei my na daardie Jesus waarvan jy praat."

198 Wat was dit? Hy het iets gesien wat eg was, hy het iets gesien wat nie aangesit was nie, hy het 'n ware moeder se liefde gesien wat reg in die gesig van die dood sal instap. Dit was nie 'n preek wat ek gepreek het nie, dit was nie 'n lied wat gesing is nie, dit was 'n vertoon van iets wat so werklik was, dat hy iets gesien het wat eg was. En daardie moeder se getrouheid het daardie man gelei, hy's 'n diaken in 'n Baptiste kerk nou daar. Moeder se liefde wat eg is!

199 O, sondaarvriend, of louwarm kerklidmaat, sou jy nie graag die liefde van Jesus Christus wou hê om aan die wêreld te vertoon nie, so getrou aan Christus as wat daardie moeder teenoor haar baba was, nie? Sal jy jou hand opsteek? Sê: "Bid vir my, Broer Branham, dat ek daardie soort Christen sal wees." Steek julle hande op, oral. God seën jou. God seën jou. "Ek wil iets hê wat eg is, Broer Branham, ek wil iets hê wat blywend is. Ek wil net soveel Christen wees as wat daardie takbok 'n moeder was." Steek nou julle hande ver op, sodat ek kan bid. God seën jou. God seën jou.

Laat ons ons hoofde buig.

200 Hemelse Vader, die hande was soveel dat ek hulle nie kon tel nie, hulle was oral rondom, oral, bo in die balkonne, en aan die voorkant, en die agterkant, en aan die kante, en o, oral, dwarsdeur die hoofvloer. Hulle het hulle hande opgesteek, Here, omdat hulle—hulle U glo. Hulle wil iets hê wat eg is, hulle—hulle wil iets hê wat nie aangesit is nie, iets wat—wat net eg is. Ek bid

dat U Dit vir hulle sal gee, Vader. Gee aan hulle die egte Heilige Gees. Mag hulle gelukkig en verheug na hulle kerk teruggaan.

201 Nou, daar staan geskryf in die Woord, Johannes 5:24: “Hy wat My Woorde hoor,” dis waaroor ek gepreek het, “en glo in Hom wat My gestuur het, het ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.” Nou, Vader, ek hou dit, dis U Woord, ek hou Dit voor U, en U Wat almagtig, alwetend is, en U ken elke hand wat opgegaan het.

202 Waarom het hulle hulle hand opgesteek? Want daar’s ’n gees in hulle, en daar’s ’n Gees wat langs hulle staan wat gesê het: “Jy’s verkeerd, jy wil daardie soort Christen wees. Steek nou jou hand op, en Ek sal jou red.” En hulle het hulle hand opgesteek. Hulle het ’n besluit geneem, daardie besluit was dat hulle begeer om ’n ander lewe te lei.

203 En U het gesê: “Hy wat My woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.” U het ook gesê: “Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom. Ek sal hom ewigdurende Lewe gee, en hom opwek in die laaste dag.”

204 Nou, Vader, dis U Woord. En as U dienskneg vanaand, eis ek—ek elkeen van daardie siele vir U, eis ek hulle, elkeen. Ek bid, God, dat omdat hulle nou na U toe gekom het, na hierdie Fontein gevul met Bloed, dat hulle veilig gered sal word, en vanaand hier sal weggaan, en soek en die doop van die Heilige Gees sal vind wat hulle sal wegseël van die dinge van die wêreld. Skenk dit.

205 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, daar’s nie plek om ’n altaar-oproep hier te roep nie, maar ek wonder net of elkeen van julle wat julle hand opgesteek het, net op julle voete sou staan. Res van julle hou julle hoofde gebuig. Staan net op julle voete net ’n oomblik. Ek glo julle was opreg. Steek op, elkeen wat opgesteek het, as hulle hulle hand opgesteek het, staan op, almal wat hulle hande opgesteek het, oral. Dis reg. Kom op, oral. Bly net ’n oomblik staan vir gebed. Elkeen wat hulle hand opgesteek het, staan op. Goed. Is dit nou almal, elkeen? Goed.

206 In die Teenwoordigheid van hierdie Shekinah Heerlikheid van die Heilige Gees, waarin julle nou geglo het as gevolg van die prediking van die Woord, en die manifestasie van Sy Gees, ek glo nie, ek glo elkeen van julle met my hele hart, ek glo nie dat julle net julle hand opgesteek het net vir die pret om dit op te steek nie. Ek glo dat julle dit opgesteek het omdat julle opreg was, julle geglo het dat julle verkeerd was. En as julle gewillig is om te bely julle is verkeerd, en staan soos julle nou het, dan glo ek dat God en Sy Woord, wat elke Woord hou wat Hy belowe het, julle julle sonde vergewe het.

207 Nie omdat julle so voel nie, nie omdat julle dit verdien nie, maar omdat Hy dit belowe het, dit is Sy Woord. En julle is gewillig, en weet dat julle, verkeerd was, maar julle glo wel dat Hy gesterf het, en daardie groot, swart wolke wat oor die kruis gehang het daardie dag, Hy julle oordeel verduur het, en sonder enigiets, aanvaar julle dit wel as julle kwytskelding.

208 As julle dit sal doen, Sy genade vir julle kwytskelding aanvaar, sal julle net julle hand opsteek na Hom, elkeen wat opstaan? Steek julle hand op, dis al wat ek julle vra om te doen, net in julle hart. God seën julle. Daar's 'n honderd persent, elkeen van julle.

209 Nou, ek wil hê julle mense wat Christene is, moet julle kop oplig, en net omdraai en hande skud met elkeen van hulle wat opstaan, en sê: "Welkom in die Koninkryk, kosbare pelgrim." Skud hand met hulle, julle Christene. Sê vir hulle dat julle—julle dankbaar is teenoor God. Elkeen van julle, sê: "Ja, ek's dankbaar." Nooi hulle nou na julle kerk toe. Sê vir hulle: "Kom na my kerk toe. Kom saam met ons, en, dat jy die Christendoop mag ontvang, dat jy die Heilige Gees mag ontvang." Dis reg. O, is Hy nie wonderlik nie? Nou, laat ons nou net die Here dank.

210 Hemelse Vader, ons dank U vir hierdie siele. Ek mag nooit weer handskud met hulle hier op aarde nie, miskien nooit die geleentheid hê nie, ek hoop ek het, maar as ek dit nie het nie, op daardie dag wanneer die mis laag hang, die Ou Skip van Sion waai, wanneer ons begin om aan boord van die skip te gaan, ek hulle sal ontmoet, ek hulle daar sal sien, Here, met hulle kaartjies in hulle hand, wat sê: "Was by Long Beach, Broer Branham, op daardie Sondagaand."

211 O God, hoe bly sal ek wees om te weet dat ek hulle daar sal ontmoet! Die jonges sal oud wees—die jonges sal wees . . . Die oues sal vir altyd jonk wees daar, en daar sal nooit meer siekte, en smarte, of dood wees nie. Wat 'n wonderlike tyd sal dit wees! Ek dank U hiervoor, Vader. Hulle is U s'n, en ek gee hulle vir U as trofeë van Jesus Christus, Sy Gees en Sy Teenwoordigheid hier vanaand. Ek gee hulle vir U, Vader, in die Naam van Jesus Christus, want hulle is liefdesgawes vir Christus. Amen.

212 Nou, julle mag sit, en God seën julle. Nou, voor ons die posisie van die diens verander vir 'n gebedsry, laat ons net een keer sing, sal julle, almal saam? Voor ons die gebedsry roep: "Ek het Hom lief, ek het Hom lief, omdat Hy my eerste liefgehad het." Goed, kan ons sing?

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's . . .

213 O, klink dit nie pragtig nie, broers? Ek wens julle kon hierbo wees en daarna luister. Is dit nie pragtig nie? Nou wil ek hê

julle moet julle hoofde buig en dit sing, saggies en teer, in julle tenoor, of bas, waar julle ook al sing. Sing dit nou net die outydse, plattelandse styl.

> Ek het Hom lief, . . .
> Omdat Hy . . .
> En gekoop . . . verlossing
> Op . . .

214 O, is Hy nie pragtig nie? O, het ons Hom nie net lief nie? Wonderlik! Nou, vriende, ek weet ek—ek het julle 'n bietjie lank gehou, maar hierdie is Sondagaand, ons nog net omtrent vyftien minute of twintig sal gee, gaan ons 'n gebedsry roep.

215 Nou, hoeveel glo dat die Skrif leer dat Jesus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid? Hoeveel weet dat die Bybel sê dat Hy 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Dis reg. As Hy dieselfde is gister . . . En hoeveel glo dat ons die . . . ons aan die einde van die Heidense tydperk is? Hoeveel Bybellesers, met julle hande op, sal waai soos *hierdie*, en—en glo dat Hy belowe het dat Hy dieselfde dinge sou doen by die Heidense afsluiting, wat Hy gedoen het by die Joodse?

216 Sien, hier is wat dit is: As God ooit op die toneel geroep word om 'n besluit te neem, die manier wat Hy dit maak, Hy's Ewig, dit moet dieselfde wees elke keer wanneer Hy weer gevra word. So toe Hy op die aarde gevra is om na die aarde te kom, om Homself as die Messias te verklaar, om die Joodse en Samaritaanse tydperk te beëindig, moet Hy dieselfde ding doen wanneer Hy daarna kom, die Jode het vierduisend jaar gehad, ons het tweeduisend jaar gehad, aan die einde van die tydperk om op die toneel te kom en dieselfde ding te doen. Is dit reg?

217 Wel nou, as Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid is, moet Hy dieselfde wees in beginsel, dieselfde in krag, dieselfde in manifestasie, enigste ding is die fisiese liggaam, Sy liggaam is aan die regterhand van God die Vader in die Hemel, wat op die Troon sit. Glo julle dit? 'n Hoëpriester, en nou is Sy Heilige Gees hier, wat die Gees op Christus was, wat God is, in menslike vlees, julle vlees, my vlees, soos die Bloed ons reinig. Hy preek die Evangelie deur die prediker, profeteer deur die profeet, en openbaar die geheim, harte, praat deur tale, lê tale uit, en alles is in orde. Glo julle dit? Goed.

218 Goed, laat ons nou die gebedsry roep. Nou, hy het vir my gesê hy het gebedskaartjies uitgegee, maar ek sê ek weet nie wat en waar nie. O, Billy, jy's so klein, ek mis jou altyd. Goed, een tot 'n honderd, J. Goed. Nommer een. Kom ons begin. Wie het J, soos in Jesus? J kyk na die, dit het 'n *J* en 'n nommer. J, nommer een, wie het dit? Steek jou hand op. Jy seker? Goed. Kom reguit hiernatoe, dame. Nommer twee, wie het J, nommer twee? Sal jy jou . . . ? [Leë kol op band—Red.]

219 . . . my lewe. En sy's 'n vreemdeling vir my, want ons het net ons hande opgehou, dat ons vreemdelinge vir mekaar was. Nou, ek ken haar nie, sy ken my ook nie. Maar nou, sy's hier vir een of ander doel. Wat is dit? Is sy siek? Miskien so. Miskien is sy hier vir iemand anders, miskien is dit huislike probleme, miskien is dit—is dit finansiële probleme, miskien is dit iets anders, ek weet nie. Sien? Ek—ek weet nie, God weet wel.

220 Nou, as sy hier ingekom het, gewoonweg, in genesingsdienste, sou ek my hand op haar lê, sê: "God, genees die vrou, ek is 'n gelowige, ek vra dit moet so gedoen word. Amen." Nou, die vrou het 'n reg om weg te gaan en te glo. As sy dit geglo het, dis die Woord van God, lê hande op die siekes. Is dit reg? Sy sou 'n reg hê om dit te glo.

221 Maar nou wat as die Heilige Gees kom en iets aan haar openbaar wat onder in haar lewe is, haar vertel wat was? En as Hy vir haar kan sê, akkuraat, wat was, sekerlik, kon sy glo wat dan sou wees. Is dit reg? Nou, hoeveel weet dat dit is wat Jesus gedoen het? Steek julle hand op. Dis wat Hy belowe het. Dis presies.

222 Nou, as Hy hier is . . . Nou Hy is hier in die vorm van die Heilige Gees. Nou, hierdie is 'n panorama, net soos die put was in Johannes 4, weer 'n pragtige prentjie, 'n man en 'n vrou, wat die eerste keer ontmoet in die lewe, ek en hierdie dame, vir die eerste keer in die lewe om te ontmoet, en nou is dit net hier waar ons nog nooit tevore ontmoet het nie. Nou, as Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, nou, iets sou moes openbaar waarvoor sy hier is, en sy sou weet dat dit waar is. Is dit reg, dame? *Iemand* sou dit moes openbaar, *Iets* sou moes kom en dit doen. Is dit nie reg nie?

223 Wel dan, as Dit kom, nou, kon sy sê: "Dis die duiwel." Dan hang dit van haar af. Sien? As sy sou sê Dit was Christus, daar's net, Dit sou geestelike krag moes wees. As sy sê die duiwel, dan sou sy die duiwel se beloning kry; sy sê Christus, kry sy Christus se beloning. Maar as sy sou sê die duiwel, en Dit was Christus, wat het sy dan gedoen? Sy het haarself verseël, vir altyd, buite die Koninkryk van God. Is dit wat Jesus gesê het? "Wanneer die Heilige Gees kom, 'n woord Daarteen te sê, sal nooit vergewe word nie," maak nie saak wie jy is nie.

Jy sê: "Maar ek preek die Evangelie, Broer Branham."

224 Daardie priesters het ook, hulle is grootgemaak deur geslagte van priesters, en het die Evangelie gepreek, en Jesus het hulle streng vertel, en hulle het hulle lewens verloor. Dis reg. Net een weg na God, dis al, dis die Weg van Waarheid en Lig.

Nou, as julle net *hier* buite kan staan. Julle hoef nie te staan . . . staan net reguit agtertoe aan hierdie kant, sodat die mense julle kan sien en my sien.

225 Nou, synde. . .Nou, hier's soos die vrou by die put. Nou, ek. . .Sy's nie die vrou nie, en ek's nie die Here Jesus nie, maar Sy Gees is hier, en Hy sou weet, vir haar kan sê. . .Nou, as Hy sou. . .

226 Nou, as ons sou sê: "Broer Branham, wat het Jesus daar gedoen?" Wel, die Bybel het gesê Hy moes by Samaria verbygaan, ek weet nie hoekom nie. Die Vader het Hom soontoe gestuur, omdat Hy gesê het in Johannes 5—Johannes 5:19: "Voorwaar, Ek sê vir julle, Die Seun kan niks uit Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen, nie." Hoeveel ken daardie Skrif? Jesus het nooit een ding gedoen, totdat God Hom in 'n visioen gewys het wat om te doen nie. Is dit reg? Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar," *absoluut*, *absoluut*: "Ek sê vir julle, Die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so."

227 Nou, dan as hierdie vrou met haar hand op, dat sy 'n vreemdeling vir my is, en ek 'n vreemdeling vir haar is, dan as die Heilige Gees, deur Sy belofte, is wat ek julle geleer het, hiernatoe sal kom en dieselfde ding doen wat Hy toe gedoen het, die geheim van die vrou se hart openbaar, of doen wat dit is, en haar vertel wat, iets van haarself, en haar laat beoordeel of dit reg is of nie, hoeveel hierbinne sal glo in die Here Jesus Christus vir julle genesing? En nou, steek oral rondom julle hande op as julle dit sal glo. Daar's ten minste vyf-en-negentig persent.

228 Natuurlik sou sommige dit nie glo nie, sien, maak nie saak wat Hy gedoen het nie. Dis nie vir ongelowiges nie, dis net vir gelowiges. Daar het sommige in Sy skare gestaan wat dit nie geglo het nie. Dit sal nie die gelowige seermaak nie, nee, hulle het geweet dis waar.

229 Ek het net so min 'n idee waarvoor jy hier is as—as—as enigiets, maar God weet wel waarvoor jy hier is. As Hy dit aan my sal openbaar, dan sal jy weet of dit die waarheid is of nie, wat Hy ook al doen.

230 Nou, ja, as die gehoor nog steeds my stem kan hoor, die Lig wat julle in die foto sien, staan tussen my en die vrou. Sy beweeg weg van my af. Soort van 'n rukkerige, glinsterende Lig.

231 Ja, ek sien, sy, haar ondersoek wys dat sy 'n geswelde maag het, 'n maag, 'n slegte maag het, geswel. As dit reg is, steek jou hand op.

232 Glo jy? Nou, jy het gesê jy sou glo as Hy dit sou openbaar. Glo jy nou? Dan is sy. . .dis. . .En nou weet ek nie wat ek vir haar gesê het nie, want Dit was nie ek wat vir haar gesê het nie. Dis net om jouself oor te gee aan die Gees.

233 Nou, ek bly dit voel in elke diens, iemand wat sê: "Hy het dit geraai, hy het dit geraai."

234 Jy raai nie hierdie dinge nie. Goed, kyk of dit 'n raaiskoot was:

235 Lyk na 'n gawe persoon. Jy is 'n Christen, ek kan jou Gees voel, sien dat jy welkom is. Dieselfde ding wat Jesus vir Natánael gesê het, 'n Israeliet. Nou, laat ons kyk of wat ook al, ja, ek sien dit weer kom, dit was 'n maagtoestand, geswelde maag, het Hy gesê. Dis reg, dis wat die dokter gesê het, geswelde maag. En dan daar, hier is nog 'n ding, dat jy een of ander rektale probleem het. Dis reg. Jy—jy dink dis een of ander soort allergie, of een of ander soort jeuk sensasie. Dit is waar, dan. Daar's geen geneesmiddel daarvoor nie, dis reg, maar daar is in Christus. As God vir my sal sê wat. . . Ek sien jou naam op daardie papier daar, wat Hy voor my het, ek sien Hom daar staan, sal jy glo dat ek Sy profeet is? Mev. Martin, jy kan maar gaan. Dis nou verby, jy kan huis toe gaan, gesond gemaak word, sien.

236 Nou, kritikus, wat daarvan?

237 Nou, jou gelowige daarbuite, glo nou met jou hele hart. Hê net geloof, moenie twyfel nie, glo met jou hele hart. Nou, bly baie, bly net op julle plek, sit stil.

238 Ek het nog nooit die vrou gesien nie, sien. Ek het haar nooit genees nie, God het haar genees. Hoe het Hy haar genees? Haar eie geloof het dit gedoen. Die genesing was alreeds voltooi op Gólgota, jou verlossing was voltooi op Gólgota. Hoe weet jy dit? Is dit reg? Al wat jy hoef te doen is om dit te aanvaar.

239 Nou, hier is nog 'n dame. En ons was. . . ons eerste keer, ons is vreemdelinge vir mekaar. God ken ons albei egter, nie waar nie? Wel dan, as die Here Jesus iets aan my sal openbaar wat—wat ek. . .

240 Natuurlik sien julle dat ek raak, lyk soos daardie. Dis net omdat dit het, my swak gemaak het, visioen. Sien, die gehoor weet, enigiemand weet, Jesus, 'n vrou het Sy kleed aangeraak, Hy het gesê Hy het, deug het uitgegaan. *Deug* is "krag," julle weet dit. En Daniël het een visioen gesien, hy was baie dae ontsteld in sy kop. Wel dan, as Jesus wat die Seun van God is, as een vrou Hom aangeraak het, wel, wat sou dit aan my doen, sien, my, 'n sondaar gered deur genade? Want Hy het gesê: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen, meer as dit sal julle doen." Die King James sê *groter*, maar kry die gewone vertaling, dit sê *meer*. Sien? "Meer kan julle doen," dis Sy belofte.

241 Nou, as die Heilige Gees aan my sal openbaar wat jou probleem is, of iets, soos Hy het met die ander wat verbygegaan het, sou jy met jou hele hart glo?

Sou dit die gehoor met hulle hele hart laat glo?

242 Sien, God doen dit nie vir vertoon nie, Hy doen dit omdat Hy belowe het Hy sou dit doen, en tot Sy eer. Sien? En ek sê julle, dis nie ek nie, ek weet nie een ding nie, ek hou my hand hier op voor

God en hierdie Bybel hier, hierdie vrou is 'n vreemdeling vir my. Almal van julle is vreemdelinge, sover ek weet. Maar as God aan my sal openbaar deur die Heilige Gees . . .

243 Nou, die Bybel het gesê: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, selfs 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart." Nou, Jesus, toe Hy hier op aarde was, was Hy die Woord, was Hy nie? Dis waarom Hy die gedagtes kon onderskei, waarneem, sovoorts, Hy was—Hy was 'n God-Profeet. Dis waarom die profete, hoe kon hulle onderskei? Omdat hulle die Woord van God was. "Die Woord van God het na die profeet gekom." Dit reg, gehoor? Sien?

244 Nou, as die Woord van God steeds kom, dan kan die Woord van God, Hebreërs sê: "Die Woord van God is 'n Onderskeier van die gedagtes," Sy Woord, Sy belofte wat in menslike vlees gekom het, maak dit 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart.

245 Nou, jy's nie hier vir jouself nie, iemand anders vir wie jy hier is, jou man nie. Dis reg, is dit nie? Hy is in 'n sterwende toestand. Glo jy God kan vir my sê wat sy probleem is? Kanker van die blaas. As dit reg is, steek jou hand op. Sal jy glo dat God hom sal genees? Ek sal vir dieselfde ding bid. Laat ek my hande op jou lê, en jy verteenwoordig hom.

246 Here Jesus, spaar hierdie man, laat dit gebeur, Vader, vra ek, nederig, as U dienskneg, in Jesus' Naam. Amen.

247 God seën jou, Suster. Nou, moenie twyfel nie. Glo jy dit nou? Jesus het gesê: "Soos jy geglo het, so sal dit vir jou wees." Hê geloof.

248 Niemand sal nooit weet wat dit aan jou doen nie. Sien? Nou is die gehoor net skynbaar verblind vir my. Sien? Nou, hê net nou geloof, en laat . . .

249 Is jy die volgende persoon? Ek en jy is vreemdelinge, veronderstel ek, vir mekaar. [Die suster sê: "Ek was voorheen in 'n genesingsry."—Red.] O, jy was al in 'n genesingsry—in 'n genesingsry tevore, elders. In 'n ander stad, of . . . ? In Lakestraat, in Kalifornië, in . . . O—o, ek het voorheen vir jou gebid by Lakestraat. Hoe lank gelede was dit? O, dis baie jare gelede. Daarom sou ons mekaar nie ken nie? Nee. Maar God ken ons albei. En jy glo dat God aan my *iets* bekend kon maak . . . ? Het Hy gekom . . . ? Natuurlik het Hy op dieselfde manier gekom, soos dit was. Dan is jy nou hier vir iets anders. Nou, dan sou jy geloof hê, sou jy nie? Jy het geloof, goed, as die Here dit sal openbaar. Goed. Ek vertrou dat Hy sal.

250 Jy's nie hier vir jouself hierdie keer nie, jy's hier vir iemand anders, 'n broer, baie, baie siek, op die rand van die dood. En ek sal jou iets vertel wat jy weet, dat jy kan glo dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg, verskoon my. Daardie woord *profeet* laat die mense struikel, julle sien, dis waarom ek . . . Maar, Dis sy vrou, sy's in 'n ernstige toestand. Sy is op die punt om 'n senuwee-

ineenstorting te kry, as gevolg van wag op hom. Jy het nou ’n baie vreemde gevoel oor jou, het jy nie? Neem daardie sakdoek wat op jou hand is, terwyl daardie gevoel oor jou is en lê dit op hom. Hulle sal herstel. Moenie twyfel nie. Amen. God seën jou.

Glo jy met jou hele hart, nog? Moenie twyfel nie, hê geloof in God.

251 Wat net daar sit, lae bloeddruk, ’n dame wat na my kyk. Het jy ’n gebedskaartjie? Jy het nie. Goed, dis alles reg, Hy het jou klaar geroep, ek sien dit nou. Jy moet bloedoortappings kry. Dit is reg. Maar toe ek met daardie vrou gepraat het, het iets met jou gebeur, ’n baie vreemde gevoel het oor jou gegaan. As dit reg is, steek jou hand op, hierdie dametjie wat hier reg voor sit. Goed. En jy het in jou hart gesê: “Here, laat dit ek wees, vanaand.” Nou, staan op as daardie dinge waar is, staan op jou voete. Jou probleme is nou verby, Jesus Christus maak jou gesond.

252 Ek wil die gehoor een ding vra: Wat het daardie vrou aangeraak? Ek ken haar nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. As ons vreemdelinge is, wuif jou hand, vir een . . . soos *hierdie*, Suster, wuif jou hand soos *hierdie*, sodat die mense sal weet dat ons vreemdelinge is, ek ken jou nie.

253 Wat het sy aangeraak? Die Hoëpriester. Sy’s twintig treë van my af. Sy het my nooit aangeraak nie, het sy? Maar sy het *Iets* aangeraak wat deur my gespreek het, en vir haar gesê het waaroor sy gebid het, wat sy gesê het, en hoe sy gevoel het. Is dit reg? Glo julle nou, met julle hele hart?

254 Nou, moenie beweeg nie, moet asseblief nie. Sien, as julle dit doen, sien . . . Sien hierdie manne wat *hier* staan? Hulle hou elke beweging dop wat ek maak, en sodra hulle sien dat ek genoeg gehad het, sal hulle my van die platvorm af neem. So, om—om te beweeg, versteur. Julle sien, ek is in kontak met julle gees, dis wat ek—ek probeer doen. Ek is hier om julle te probeer help. As julle is . . . Niks sal nie verkeerd gaan nie, jy sal jou bus haal, sit net stil. Wag net, nog net twee of drie, of iets, laat dit . . .

Aangename kennis? Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek ken jou nie, maar God ken jou wel. As . . .

255 Hoeveel is hierdie wat deurgegaan het? Was dit genoeg vir ’n bevestiging? [’n Broer sê: “Twee.”—Red.] Twee? Net, ek het gedink ek het . . . was ’n dosyn wat deurgegaan het, nou. Wel, het baie gevoel, miskien is dit net ek. Goed.

256 Jy, Suster, God ken jou hart, Hy ken my hart. Maar as Hy sal, sonder enige twyfel, ons as vreemdelinge vir mekaar, Homself aan ons openbaar, sal dit jou laat glo?

Sal dit die gehoor laat glo? Goed. Hoeveel weet dat ek . . . dis net totaal onmoontlik vir my om dit te doen? Laat ons julle hande sien. Sien?

257 Nou, met julle hande gesak, hoeveel aanvaar Dit as Jesus Christus volgens Sy belofte en Sy Woord? Steek julle hande op. Sien? Dit is waar, my broer, suster. Ek vertel julle die waarheid, sien, hierdie is Sy Woord. Miskien ’n bietjie vreemd van wat julle ooit gesien het, maar dis Sy belofte, Hy het belowe Hy sou dit doen.

258 Ek het geen idee waarvoor jy hier is nie. Ek het jou nog nooit gesien nie, so daarom sou dit. . . Ek—ek het geen idee waarvoor jy hier is nie, maar God weet wel waarvoor jy hier is. Hy ken jou, Hy ken my, Hy—Hy ken ons almal. Is dit reg? Maar as Hy iets van jou aan my sal openbaar wat ek nie weet nie, dan sal jy weet dit kom van Hom af. Jy het iets soos ’n beroerte gehad, wat jou pla. Dis reg. Jy’s Sweeds, is jy nie? Tack så mycket. Ek kon daardie water sien rol, en ek kon sien waarvandaan jy was. Ja. Jy het ’n ongeluk gehad en dit het jou uitgeslaan, en jy was uit vir ’n hele rukkie, etlike dae. En dan het jy, jy het steeds slegte gevolge daarvan. Jy sal dit nie meer hê nie, daardie roterende lig reg rondom jou, Jesus het jou nou genees. Gaan op jou pad, en word gesond gemaak.

Glo jy met jou hele hart?

259 Nou, jy sê: “Jy kyk reguit na daardie mense, Broer Branham, jy lees hulle gedagtes.”

260 Ek doen dit nie. Hier, kom hier, dame, raak aan my hand. As God aan my sal openbaar as ek *hiernatoe* kyk wat jou probleem is, sal jy dit aanvaar, sal jy nie? Dan het jou hartprobleem jou verlaat, gaan net blymoedig op jou pad.

261 Glo julle dit met julle hele hart? Hier, die Bybel het gesê die Engel daaronder wat ’n Man was wat gesalf was, wat Elohim genoem was, dat Hy Sy rug gedraai het na die tent. Is dit reg? Wat daarvan as ek my rug draai, en julle bid? Ek sien ’n. . .

61-0219 Die Koningin Van Skeba
Long Beach Munisipale Ouditorium
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org